

# PRO

# VERITATE

IN HIERDIE NOMMER: /IN THIS ISSUE:

- ★ SOME CHRISTIAN SOCIAL PRINCIPLES 1
- ★ ENKELE ASPEKTE VAN DIE VRAAG VAN DIE VERHOUDING VAN JESUS CHRISTUS AS SEUN, TOT GOD DIE VADER 2
- ★ CHRISTEN EN CHRISTENWEES IN ONS TYD ... .. 3
- ★ LIBERALISME, BEGRIP EN VERWARRING 4
- ★ DIE ROL VAN DIE KERK IN DIE HERSTELLING VAN GEMEENSKAP ... .. 7

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA.

Jaargang I; Nr. 5.

Intekengeld R2 Subscription Sept. 15 Sept. 1962

Volume I; No. 5.

By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer.

Registered at the Post Office as a Newspaper

## SOME CHRISTIAN SOCIAL PRINCIPLES

Dr. J. Alex van Wyk

These remarks on some Christian principles in society are written in English to avoid the impression that only Afrikaans-speaking members of the community are in need of being reminded of Christian principles. Further, there are certain things that should for once be said in English.

### 1. HUMAN DIGNITY.

This expression is an important pawn in the political and social discussion of our day. But we need to ask: what really is human dignity? When we seek to answer this question, we find how much confusion there is about the image of real human dignity. For some of us the embodiment of human dignity is the ideal type of person in our cultural tradition, for instance a certain type of Englishman. This image is sometimes considered the ideal for all people, and others are judged according to it. In other instances, we unconsciously measure human dignity by the way others treat us. Often in our day in Africa the cry of human dignity is heard loudest from people who in their turn treat other human beings most cruelly. Again, human dignity is often considered from the point of view of the group. Dignity is claimed for the members of my group of the group I favour, but the needs and rights of other groups are often forgotten. Sometimes our moral values do not extend beyond our group. Often the concept of human dignity is not seen as a critical concept, critical of everyone of us, but as a natural possession, at least of my group.

At the same time, however, the search for human dignity is a basic factor in the questions of society and politics in our day in Africa. According to Christian teaching, human dignity in its origin is defined by the doctrine of the creation of man of God's image. This applies to all human beings, and therefore no human being or group can be considered to be of inferior value or worth before God. Even in the worst of us some elements of this divine image remain.

In actual condition, however, all human dignity has become distorted and blemished by the fact of sin. In this also all men are equal, in that they do not possess the clear image of human dignity. The true image is revealed in Jesus Christ, and is restored and glorified in all men who believe

in Christ and are united with him through faith. In this also all men are equal, in that this message is brought to all men with equal sincerity.

This destiny that is offered to all men in Christ, must have the greatest influence on social attitudes as well as making us all very humble. We may say that ideally in all things men should be reminded of the reality and sincerity of the divine offer, and in no case should society act so as to deny this destiny for any man. This does not however mean that the individual should be free from all social restraint, since the way to our destiny in Christ is not the way of laissez faire, but of conversion and sanctification. To the extent that society in all its aspects treats people in the light of this destiny and helps to lead people toward its fulfilment, such a society is a servant of the Church and the Kingdom of God.

### 2. THE STATE.

It requires no argument, that the state is a part of Christian teaching and a servant of the Kingdom. The Church must uphold the authority of the state, whilst scrutinizing all actions and laws of the state critically at the same time. An orderly and just government is a necessary part of Christian teaching — not only in this country, but also in other parts of Africa! Except in the extreme case, where a government is in wilful and continued conflict with the Church and the Kingdom, or forbids the Church its freedom of responsible witness, the Church should be careful that its criticism of government does not endanger the authority of the state. The attitude often prevails: we do not like this government, we do not want it, therefore we will not obey it. This cannot be a Christian attitude.

It is the difficult task of the Church to be faithful to its prophetic calling, whilst at the same time upholding the authority of the state. The Church must often search for the possibility to co-operate with positive aspects of legislation with which it disapproves

on other points. Willingness to co-operate in certain aspects, while maintaining its criticism on other points, gives the Church greater authority to voice its criticism and to be heard by those responsible.

Absolute rejection on the ground of suspicion and of supposed hidden motives is no part of the attitude of the Church the state. Such absolute rejection may often be the easier way and the more popular in some circles, but the easier way is not often the correct way for the Church.

### 3. GROUP AND INDIVIDUAL

It has often been ignored that the Church not only speaks to people as individuals, but also directs itself to groups and nations. In fact, it is doubtful whether the term individual accurately describes the single person, since it implies a certain isolation and self-sufficiency. A person lives in a community and exercises his existence through that community. Means of communication like language and cultural symbols are important to every person. In missionary work over the whole world the Church has learnt to recognize the fallacy of an individualistic approach. On the other hand, the Gospel is primarily addressed to persons, who must take personal decisions. Further, while recognizing the value and rich potential contribution of the variety of cultures, the Church is concerned also with the sinfulness of enmity and antagonism between groups and nations. The necessary distinction here is between diversity as such, and antagonistic division. The Church helps every nation, group, even tribe, to the full flower of its particular gifts in the service of the Kingdom. At the same time, the Church must continue the office of reconciliation even between groups and nations.

### 4. THE CHURCH.

From the Christian point of view, the Church is the most important single factor in society. It leads people to the inheritance of the full reality of their human dignity in Christ. It gives meaning to life in every nation and group, and enriches them. It is the true link between personal responsibility, service within the particular group, and service to mankind in general.

On this point the Nederlandse Gereformeerde Kerk in particular has been severely criticized, especially by leading churchmen in English speaking churches, for its "apartheid". In its declared mission policy the Ned. Geref. Kerk has attempted to stress both the essential unity of the Church and the diversity of mankind, without however implying the essential inferiority of any person or group.

I venture the opinion here that the almost total condemnation of the Ned. Geref. Kerk by some church leaders rests less on theological and ecclesiastical principle than on non-theological factors. As ground for this opinion the following statement may be cited from the official memorandum of the Anglican church for the Cottesloe consultation (p. 10): "We accept... that separate congregations for different racial and linguistic groups should not be condemned as un-Christian, and that it is not separate congregations but exclusive congregations which are un-Christian and divisive. We have no difficulty in accepting the view that in general men and women like to worship in their own language". In the light of such a statement it would seem that the difference between the Ned. Geref. Kerk and some English-speaking churches is mainly one of accent and of the interpretation or implementation of this principles.

But in addition there are the non-theological factors. One such factor is fear in many forms, for instance on the one hand: The exercise of the unity of all believers will mean integration and the loss of cultural identity. Or, on the other hand: Recognition of diversity means isolation and rejection of one group by another. Another factor is simple ignorance, for instance: Calvinism (or: the Ned. Geref. Kerk) teaches the inferiority of Africans and the divine election of the whites. Further there is the unfortunate habit of presupposing the motives of others and of judging policies and actions on the basis of such prejudged motives.

The basic principle that in the Church both unity and the diversity of men should be recognized and exercised, as unity in all diversity and diversity within the unity, should be a basis for agreement between the Churches. From this principle a discussion on accents and implementation can fruitfully take place.

Most church leaders will be found willing to agree that there is reason for valid criticism in their churches. That such a discussion no longer seems possible today, is a cause for sincere regret to serious

Christians everywhere. It should be apparent to Church leaders in all churches that a reconsideration of this position is necessary now.

That this reconsideration should also take place in English-speaking churches is to my mind borne out by the recent statement by Father Trevor Huddleston (The Star, June 25, 1962), that he realizes now that he "made many mistakes and said and did many wrong things in South Africa". These mistakes apparently occurred in his public statements and actions, as well in his writings which at the time received world wide publicity. This could be true of some other Churchmen as well!

## PRO VERITATE

Verskyn die 15de van elke maand. maand.

**Korrespondensie en Administrasie:**  
Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan:  
Postbus 487, Johannesburg.  
P.O. Box 487, Johannesburg.

**Redaksie:**  
Dr. P. G. Geertsema,  
Prof. dr. J. C. G. Kotzé,  
Dii. E. E. Mahabane,  
R. Orr,  
Prof. dr. A. van Selms en  
ds. J. W. Wessels.

**Eindredakteur:**  
Ds. C. F. B. Naudé.

**Intekengeld:**  
Republiek van Suid-Afrika, S.W.A., die Rhodesië en Protektorate: R2 per jaar vooruitbetaalbaar.  
Oorsee: R2.50 per jaar vooruitbetaalbaar.

Tjeks en posorders moet uitmaak word aan „Pro Veritate“ (Edms.) Beperk.

Published the 15th of each month. **Correspondence; Administration.**

Address all letters for the Editor and Administration to P.O. Box 487, Johannesburg.

**Editorial Committee:**  
Dr. P. G. Geertsema,  
Prof. Dr. J. C. G. Kotzé,  
Rev. E. E. Mahabane,  
Rev. R. Orr,  
Prof. Dr. A. van Selms and  
Rev. J. W. Wessels.

**Editor:**  
Rev. C. F. B. Naudé.

**Subscription:**  
Republic of South Africa, S.W.A., Rhodesias and Protectorates: R2 per year, payable in advance.  
Overseas: R2-50 per year in advance.  
Cheques and Postal Orders must be made out in the name of "Pro Veritate", (Pty.) Ltd.

Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan, Potchefstroom, vir die eienaars en uitgewers, Pro Veritate (Edms.) Bpk., Postbus 487, Johannesburg.

# Enkele aspekte van die vraag na die verhouding van Jesus Christus as Seun tot God die Vader

Dr. B. Engelbrecht

Soos in die opskrif hierbo aangedui, word in hierdie artikel slegs enkele aspekte bespreek van die vraag na die verhouding van Jesus Christus as Seun tot God die Vader. Niks meer nie. Selfs dit is al byna te veel gesê. Eintlik sal die leser hierin niks meer vind nie, as slegs enkele opmerkings oor die vraag of daar in die verhouding van die Seun tot die Vader sprake kan wees van 'n sekere ondergeskiktheid van die tweede aan die eerste Persoon in die Drie-eenheid.

1. Wie oor hierdie probleem nadink, moet beseef dat hy hom daarmee bevind by die kernvraag waaromheen die kerkleer hom deur die eeue heen ontwikkel het. Die Christologie, en in die nouste samehang daarmee die leerstuk van die Drie-eenheid, vorm die grondslag en die kern van die kerklike leerontwikkeling. Dit is 'n dogmenhistoriese feit dat ons hierin nie alleen te doen het met die strydpunte van die kerkleer in die eerste Christelike eeue nie, maar dat die Christologiese en die trinitariese stryd wat in die ou kerk gevoer is, ook in die daaropvolgende eeue, tot by die Reformasie en daarna, die ontwikkeling van die kerkleer bepaal het.

Die bekende leertugsaak, wat onlangs in een van die Afrikaans-Hollandse kerke uitgespreek is, het op die afsetting van 'n teologiese hoogleraar, het vele predikante en teoloë weer na hulle teologiese handboeke laat gryp om hulle daarvan te vergewis. Dit sou ongetwyfeld ook die goeie uitwerking gehad het dat dit vele opnuut weer tot 'n diepe beskeidenheid gebring het in die beseef dat die belydenis van die geloof nie 'n individuele saak is nie, nie 'n persoonlike mening nie, maar dat daar alleen, aandagtig luisterend, saam met die kerk van die eeue bely kan word.

2. Die verwerping en veroordeling 2. Die verwerping en veroordeling van ketterye wat gepaard gegaan het met die ontwikkeling van die leer van die Drie-eenheid en die Christologie, het in die kerk veelal gepaard gegaan met 'n onverkwikkelike stryd, waarin persoonlike hartstogte, kleinlikheid, haat, valsheid, boosheid en „vroomheid" 'n rol gespeel het wat dit maak tot die pynlikste herinneringe in die geskiedenis van die kerk. En sy vergiftigende werking het hy in die kerk voortgeplant op 'n wyse dat dit nog nooit volledig uitgesuiwer kon word nie. „Er ist wie der Prototyp aller der kirchlichen Lehrkämpfe, und der Geist jener alten Theologen, deren Mehrzahl — und vor allem unter den Hauptwortführern — keineswegs besonders hervorragende Leute waren, scheint in der Kirche nicht totzuschlagen zu sein." (Bauke).

Tog was die stryd noodsaaklik. En op die geskiedenis terugsigende, sal daar erken moet word dat die formulering van die dogma in die vroeë eeue van die Christelike kerk nie alleen vir die bepaalde tydperk waarin die stryd gevoer is nie, maar tot op die huidige dag 'n beslissende betekenis het. Daarby is dit van die grootste belang om in gedagte te hou dat die leer van die Drie-eenheid nie gebore is uit 'n filosofiese redenering oor die wese van God nie, maar uit die nadenke oor die waarheid van die openbaring, oor

die Persoon en die werk van Christus. In die dogma van die Triniteit het dit van die aanvang af gegaan om die Godheid van Christus, om die absolute karakter van die Christendom, om die waarheid van die openbaring van God, om die waaragtige versoening van die sonde, om die volstreekte sekerheid van die saligheid.<sup>1)</sup> Dit het gegroei uit die „monoteïstiese verpligting" (van Niftrik) wat die Bybel aan die kerk opleë, uit die noodsaaklikheid vir die kerk om in Jesus Christus God self te vind.

Daarby moes die kerk veral aan die getuïenis van die Skrif aangaande Christus laat reg geskied deur: a) Die ware Godheid van Christus te handhaaf teenoor die ontkenning daarvan; b) sy ware mensheid ewe suiwer te handhaaf en te bely; c) die juiste verhouding tussen sy goddelike en sy menslike natuur volgens die getuïenis van die Skrif te handhaaf en te bely, deur sowel die skeiding as die vermenging van sy twee nature af te wys.

## BESLISSINGE IN KERKSTRYD; EERSTE EEUE.

3. Die belangrikste moment in die ontwikkeling van die Christologiese dogma tot die jaar 451, is die volgende:

a) In die jaar 325 het die konsilie van Nicea die Arianisme (leer van Arius) verwerp, en teenoor hierdie dwaalleer (wat die ware Godheid van Christus ontken, op grond van die gedagte dat God alleen ongeskape en volstrek enig is; en dat die Seun nie in sy wese God is nie, maar alleen God genoem kan word in sy relasie met die Vader) die belydenis uitgespreek dat Jesus Christus van dieselfde wese is (homoousios) met die Vader, en nie met Hom wesensgelyk (homoiousios) nie. Daarmee is die ware Godheid van Christus in die belydenis van die kerk vasgelê.

b) Die sinode van Konstantinopel (381) het teenoor die dwaling van Apollinaris, wat hom nie wou versoen met die gedagte dat Christus in die volle sin van die woord ook ware mens geword het nie, die ware mensheid van Christus in die kerklike dogma vasgelê.

c) Op die konsilie van Chalcedon (451) is die Nestorianisme en die Eutychnisme veroordeel. Volgens eersgenoemde, die leer van Nestorius, was die menslike natuur en die goddelike natuur van Christus só geskeide dat daar van twee persone sprake moet wees. En volgens die leer van Eutychnes was die twee nature in die Persoon van Christus vermeng tot één godmenslike natuur. Albei hierdie leringe is deur die kerk verwerp. Tussen die twee nature van Christus is daar nóg 'n skeiding nóg 'n vermenging, maar wel 'n vereniging.

Met hierdie drie besluite is die hoofsaak van die Christologiese dogma vasgestel. Aangaande die Persoon van Christus leer die kerk dat Hy tege-

lyk ware God en ware mens is, wesenseen met die Vader na sy Godheid, en wesenseen met ons na sy mensheid; en in sy Persoon is die goddelike natuur en die menslike natuur met mekaar verenig — onvermengd en onveranderd, ongedeeld en ongeskeide.

4. Die leer van die kerk aangaande die Persoon van Christus, moet dus gesien word in die nouste samehang met die dogma van die Drie-eenheid. Die ontwikkeling van hierdie twee leerstukke het langs een lyn verloop. Dit is in mekaar ingevleg en die een lê om die ander heen. Die leer van Christus is uit die hart van die trinitariese dogma gesny.<sup>2)</sup> En dit is duidelik dat in die belydenis van die wesenseenheid van die Seun met die Vader, elke gedagte van 'n ondergeskiktheid of subordinasie wat aan hierdie wesenseenheid te kort doen, volstrek uitgeslote is. 'n Mens kan ook sê dat dit die kerk steeds daarom te doen was om hierdie dwaling te bestry en daarteenoor die volstreekte Godheid van Christus te handhaaf, sonder om egter die waarheid van sy volkome menswording prys te gee, wat vir die heil net so onvoorwaardelik noodsaaklik is. Die teologie handhaaf die onderskeiding: In God is daar één natuur en drie Persone; in Christus is daar één Persoon en twee nature.<sup>3)</sup>

## VERHOUDING VAN SEUN TOT VADER

5. Die verhouding van die Seun tot die Vader, is nie dié van 'n mindere tot 'n meerderre nie, maar dié van die een Persoon tot die ander Persoon in die één goddelike Wese. Daar is geen inferioriteit van die Seun ten opsigte van die Vader nie, hoewel daar tog 'n prioriteit van die Vader ten opsigte van die Seun erken moet word. „God de Vader heeft, als de fons deitatis, een originele prioriteit voor den Zoon en den Heiligen Geest, onverminderd de volstreekte godheid van dezen en hun wezeneseenheid met den Vader".<sup>4)</sup> Dit blyk reeds uit die Name. Die feit dat die Naam God aan die Vader in die besonder toegeken word, dui aan dat Hy in die goddelike ekonomie die eerste is. „Het is als het ware een ambtsnaam". sê H. Bavincek, „aanduiding van zijn rang en plaats, gelijk er onder de menschen, die allen dezelfde natuur deelachtig zijn, toch ook onderscheid is van stand en van eere". Op 'n ander plek verduidelik dieselfde skrywer: „De Vader kon niet gezonden worden, want Hy is de eerste in orde en bestaat van zichzelf. . . . Maar de Zoon is de voor de vleeschwording aangewezene".<sup>5)</sup>

Die feit dat die Seun in die leer van die Drie-eenheid die tweede plek inneem, tussen die Vader en die Gees, moet, volgens Augustinus, nie gesien word as 'n verskil in substansie nie, maar die onderskeid moet verklaar word uit die onderlinge relasies, waarin elke Persoon gelyk is aan die ganse Wese en eweveel as die beide ander of as al drie tesaam. En dit is gegrond in die openbaring van God. Dit behoort tot sy wese om drie-enig te wees. Daarom, al is die vleeschwording alleen eie aan die Seun is dit tog 'n werk van die drie-

enige God. Jesus heet Seun van God omdat Hy die ewige, natuurlike Seun van God is. (Heidelb. Kateg. Vr. 33).

6. Die wese van God, soos Hy Hom in die drie-eenheid van Vader, Seun en Heilige Gees geopenbaar het, is geen voorwerp van spekulasie nie, maar van geloof. Dit geld ook van die ewige Seunskap van Jesus en van sy wesenseenheid met God. In die Skrif tref ons vele uitsprake aan wat ondubbelsinnig dui op die minderheid van die Seun ten opsigte van die Vader en van die meerderheid van die Vader ten opsigte van die Seun. In Joh. 14:28 sê Jesus: „Ek gaan na my Vader, omdat my Vader groter is as Ek". Die Skrifuurplek waarop die onlangse leertugsaak die aandag skerp gevestig het, verklaar aangaande Jesus dat Hy wat in die gestalte van God was, dit geen roof geag het om aan God gelyk te wees nie, maar Hy het Homself ontleedig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis (Fil. 2:6-8). Het hierdie „minderheid" nou alleen betrekking op die staat van Christus se vernedering, of ook op sy pre-eksistensie — sy bestaan voor sy menswording — wat geïmpliseer word in 'n vertaling van die eerste sin van hierdie teks, soos: „Hy wat van Godstatus was het nie daarna gehunker om aan God (die Vader!) gelyk te wees nie"? In elk geval is dit duidelik: Indien dit alleen betrekking sou hê op sy middelbaar-skap in die staat van vernedering, waarin Hy voorgestel word as afhanklik van die Vader en staande onder die Vader, sodat Hy 'n gesondene, 'n kneg, 'n volbrenger van die werk van die Vader is, gehoorsaam tot die dood toe, daaruit nie afgelei mag word dat dit aan sy wesenseenheid met die Vader in een enkele opsig tekort doen nie.

Die Gereformeerde teologie bewaar egter die insig dat daar tussen die werk en die Persoon van Christus nooit 'n teenstelling gemaak mag word nie. Sy werk kan alleen verstaan en geglo word as ons weet wie Hy is; en wie sy werk nie verstaan nie, verstaan sy Persoon ook nie.<sup>6)</sup>

H. Bavincek sê: „Niet eerst na den val, zelfs niet eerst bij de schepping, maar in de eeuwigheid zijn de grondslagen van het verbond der genade gelegd. . . . Er was geen tijd, dat de Zoon niet was. Er was ook geen tijd, dat de Zoon niet wist en niet bereid was, de menselijke natuur uit het gevallen geslacht van Adam aan te nemen".<sup>7)</sup>

Hierdie „minderheid" van van die Seun (waarin die prioriteit van die Vader ten opsigte van die Seun uitgedruk word, onverminderd die volstreekte wesenseenheid van beide) bestaan in die bereidheid wat in Fil. 2:6 uitgedruk word, in die goddelike gesindheid; dit is die kenmerkende van die ewige Seunskap van Jesus. Dat dit eie is aan die Seun, ook in sy pre-eksistensie, blyk duidelik uit verskillende Skrifuitsprake waarin die verheerlikte Christus voorgestel word as lewend in 'n nog hoër bestaan as die pre-eksistente. (Vgl. Fil. 2:5-11; Kol.1:15-20; Hebr. 1:2-4).<sup>8)</sup>

## TOELIGTING DEUR KARL BARTH

Verhelderende opmerkings word in hierdie verband ook

gemaak deur K. Barth. Genade, sê Barth, is nie slegs 'n gawe van God, wat Hy gee of nie gee nie; nie slegs 'n attribuut wat Hom toekom of ook nie kan toekom nie. Nee, God self is genadig. En die genade is self, is eintlik en wesenlik goddelik. Waar God openbaar word en werksaam is, is Hy dit onder alle omstandighede as die genadige God.

„Gott ist vere et proprie gratiosus. Er ist es auch als der uns unbekante und verborgene Gott. . . . Grundlegend und entscheidend in seiner Gnade besteht und bewährt sich seine Göttlichkeit". Hy handel nie alleen maar genadig na buite, aan sy kreatuur nie, maar so is Hy ook van ewigheid tot ewigheid in Homself. Daar is egter 'n verskil tussen die genade soos dit vir ons en aan ons geopenbaar word, en die genade soos dit in God self en as God self werklik is. Ons ken dit daarin dat God Hom tot ons neerbuig en Hom gewënd na ons toekeer. In God self bestaan daar egter geen behoefte of moontlikheid aan so 'n neerbuiging en aanbidding van die genade nie. En tog sou die genade, soos ons dit ken, vir ons geen goddelike werklikheid gehad of gewees het as dit sy oorsprong en sy wese nie in God self gehad het nie, as dit nie vandaar gekom het „wo sie die reine Neigung, Huld und Günst, die den Vater mit dem Sohne, den Sohn mit dem Vater verbindet durch den Heiligen Geist".<sup>9)</sup>

## NOORDMANS SE SIENING

Met betrekking tot die Christusgesindheid wat in Fil. 2:6-8 beskrywe word, merk O. Noordmans op: „Dat Hij dat doen wil en gedaan heeft, daarvoor is zijn eeuwig Zoonschap de ware reden. . . . Wij hebben niet nodig een mens, die tot God verheven wordt, maar een God die tot mens ontleidigd en vernietigd wordt."<sup>10)</sup> Die „gesindheid" van Fil. 2:6-8, is die gesindheid van die drie-enige God. En die „minderheid" van die Seun ten opsigte van die Vader, het niks te doen met 'n minderheid in wese of natuur nie; intendeel, sy wesenseenheid met die Vader word daarin juis op 'n volmaakte wyse verkondig. Alleen omdat Hy die ewige Seun van God is, kan dit sy gesindheid wees. Ons luister weer na Noordmans: „Het Evangelie geeft ons duidelijk bescheid omtrent de eeuwigheid van den Zoon. Wij moeten haar leren verstaan door gelovig op zijn geboorte en zijn dood te letten, hoe paradoxaal dat ook moege klinken". As die ewigheid van die Seunskap, aldus Noordmans, die grond sal wees waarom Hy ons saligmaker kan wees en waarom ons die saligheid by niemand anders te soek of te vind het nie (Heidelb. Kateg. Ant. 29), dan kan dit nie so 'n rustige eienenskap wees soos wat ons dit soms verstaan nie. „God is eeuwig op een veel troostvoller wijze dan de theologie dat vaak leert. De eeuwigheid komt uit in de belofte dat Hij zijn Zoon zal geven. (Art. XIII N.G.). En dit geven van den Zoon betekent diens geboren worden en sterven. Daarin komt weer de eeuwigheid van het Zoonschap uit; het is een eeuwig liefde (Jer. 31:3)".<sup>11)</sup>

7. Die belydenis van die ewige Seunskap van Jesus en sy wesenseenheid met God die Vader, is, soos ons reeds gesien het, gesny uit die hart van die leer van die Drie-eenheid. In die feit dat die Vader en die Vervolg op bladsy 7.

# PRO VERITATE

REDAKSIONEEL

## Die Kerk: Eenheid en Verskeidenheid

Gedurende die afgelope maande het daar verskeie artikels in Pro Veritate verskyn wat die vraag van die eenheid en die pluriformiteit van die kerk vanuit verskeie gesigspunte benader het. Ons wil geensins voorgee dat daarmee die gedagtes daaroor uitgeput of die laaste woord daaroor gespreek is nie, maar uit die diskussie is daar 'n paar belangrike gevolgtrekkings te maak wat ons soos volg wil stel:

Eerstens is dit duidelik dat die Skrif die waarheid stel en dat die kerkgeskiedenis sowel as die Belydenisskrifte van die kerke van Gereformeerde belydenis dit bevestig dat die wese van die kerk van Christus dit eis dat die eenheid van die kerk gesoek en bevorder moet word omdat die Skrif nie kerke in apart-geskele formasies ken nie, maar slegs kerk. Waar dus deur historiese ontwikkeling twee of meer onafhanklike kerke met dieselfde belydenis en dieselfde vorm van kerkregering in dieselfde geografiese omgewing langs mekaar tot stand kom en so geskele bly voortbestaan, is dit in stryd met die Bybelse waarheid van die ware eenheid van die kerk van Christus soos deur Hom daargestel.

Tweedens gee die Skrif ons die duidelike riglyn dat binne hierdie Godgewilde eenheid wat as grondwaarheid deur die Skrif daargestel word, daar 'n ryke verskeidenheid mag en moet wees wat bestaan of verder gevorm word deur die onderskeie taal-, kultuur- en rasseverskille wat aanwesig is by die groepe en volkere aan wie die Evangelie bedien word. Hierdie verskeidenheid moet die nodige erkenning geniet en moet daarvoor plek ingeruim word nie net in ons denke nie maar ook in die organisatoriese struktuur van die kerk byvoorbeeld deur die daarstelling van afsonderlike gemeentes en meerdere vergadering met dien verstande dat hierdie afsonderlike bedienings nie lei tot sondige geskeidenheid van die kerk nie en dat dus op die hoogste organisatoriese vlak sodanige kerk minstens in een kerklike vergadering saamverbind moet wees. Hierdie siening is op oortuigende wyse uiteengesit deur o.a. dr. W. D. Jonker in sy onlangse publikasie in die reeks **Kerk en Wêreld** onder die titel: Die Sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal.

Dis uiters jammer dat die diskussie oor hierdie saak vertroebel word deur die feit dat in Suid-Afrika dit met die kleurvraagstuk vermeng geraak het. Veronderstel dat ons in Suid-Afrika net blankes gehad het (of net nie-blankes) wat aan kerke met ooreenstemmende belydenis en vorm van kerkregering behoort het, sou daar dan nog die groot verskil van mening bly bestaan het oor wat presies die Bybelse waarheid oor die saak is? Sou ons nie baie gouer tot 'n gemeenskaplike siening geraak het nie? Ons glo beslis van ja. En as dit dan so is, is dit dan nie noodsaaklik dat ons in ons soeke na die waarheid wat die Skrif ons wil gee, ons eers alle plaaslike en praktiese ooreenstemmings op die agtergrond stel (afgesien van die vraag of daar alleen blankes of nie-blankes of albei in die saak betrokke is) en eers die Skrif laat spreek?

Afgesien van ander noodsaaklike redes waarom hierdie gesigspunt na vore gebring word, is daar een besondere rede waarom dit hier genoem moet word: sommige persone wil Pro Veritate ten laste lê dat ons meer besorgd is om die eenheid van blank en nie-blank in dieselfde kerk as om die eenheid van byvoorbeeld die drie Afrikaanse kerke wat sy blanke lidmate betref. Niks is verder van die waarheid nie: dit gaan ons nie om blanke en nie-blanke eenheid nie maar om die ware Bybelse eenheid binne die kerk van Christus afgesien daarvan of dit alleen blankes of alleen nie-blankes of albei raak. Daarom dat ons, wanneer daar 'n gesprek begin ontstaan oor die vraag van die verhouding van die drie Afrikaanse kerke, met dieselfde entoesiasme en erns die geleentheid tot sodanige gesprek sal bied as tans geskied het in die bespreking oor moeder- en dogterkerke. Want dit gaan ons bo al om die eer van God, die waarheid van sy Woord en die heil van die kerk van Christus.

EDITORIAL

## The Voice of the Younger Churches

One of the most interesting developments in the ecumenical movement throughout the world is the important role played by the missionary or younger churches in bringing home to the older churches many Biblical truths which those churches either neglected or did not fully understand. Time and again these churches through their witness and work led the older (or mother) churches to a rediscovery of the e.g. the nature of the church, the unity of the church, the relation of church to civilisation, church to the world and church to the state. The fascinating history of the church of Christ in India, Asia and the Far East gives ample proof of the way God is using the fruits of the missionary labours of the Western churches in a quite unexpected manner to lead the church of West and East to a vital renewal.

The full impact of this movement of renewal has up till now, however, not been experienced in the churches of Africa. Everywhere there are signs of new insights which the younger churches are busy discovering, but on the whole there has not yet been a clear, united and decisive testimony from our missionary or younger churches (as we prefer to call them) on such important questions as the relation of mother to daughter churches, the unity of the church the effective witness of the

## Christus en Christenwees in ons tyd

Dear Dominee

„Christen” is vandag 'n ere naam, en die woord „Christelik” plaas ons voor en agter allerhande politieke rigtings, beskouinge, persone, organisasies. Ons wil almal graag as „Christene” deurgaang. Om onchristelik genoem te word, hetsy in woord, in daad of gedrag, is 'n belediging, 'n vernedering.

CHRISTEN — CHRISTUS

Besef mense wat die woord „Christelik” so maklik rondgooi, daarmee spog, wat die woord eintlik inhoud, wat dit alles veronderstel en meebring. As ek sê „Christen”, sien ek Christus, die Here, sien ek donker skaduwees, hoor mens 'n swaar asemhaling en 'n bange weeklag vanaf die vloekhout, word bloed sigbaar, verskyn die Man van Smarte, sy gesig verwronge van pyn. Ook na agter lê Sy lydensweg, die pad wat Hy gekom het oor die heuwels van Galiléa, oor die land van Judéa: verag, gehoon, gehaat, verneder, verloën, veraal, geslaan, gemartel. Nog verder terug doem die krib van Betlehem op, Sy geboorte. Dit was die groot vernedering vir die Seun van God, toe Hy vlees geword het, toe Hy uit die blinkende heerlijkheidshoogtes uit Sy gedugte hemelpaleise neergedaal het op die donker aarde as mens.

DIE SPOOR BYSTER?

Ons is Christene. Ons is vernoem na Christus. Lyk ons ook op Christus? Verkondig ons die deugde van Hom wat ons groep het uit die duisternis tot die wonderbare lig van Sy genade. (Vgl. I Petr. 2:9). Word die regverdigmaking ook gesien in die heiligmaking in liefdelewe. Die Seun van God was die groot Lier omdat Hy één Brokstuk liefde was. Hy het alles feil gehad, omdat Hy ons so liefhet. Daarom het Hy die grootste, die swaarste offer gebring, die hemel verlaat, gely. Sy kostelike lewe weggee.

DIE GRONDREEL VAN DIE GODSRYK

Volg ons die Here Jesus op hierdie pad, die kruispad, die enigste weg na die troon? Leef ons, gedra ons ons in ooreenstemming met die grondreël van Sy heerlike Ryk: „Elkeen wat sy siel om My ontwil verloor, sal dit vind,” Matth. 16:25, of anders uitgedruk: „as die koringkorrel nie in die grond val nie, bly dit alleen; maar as dit sterf dra dit veel vrug,” Joh. 12:24. Die wet het Jesus nie alleen met sy menswording en lyding bevestig nie, maar dit geïllustreer met die voetwassing van Sy dissipels. „As Ek dan die Here en Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was”, Joh. 13:14.

By Jesus is geen sweem van selfsug, van eersug, van gemaksug of van die gerieflikste, die voordeligste nie. Niks daarvan by Hom, die groot God, Wêreldskepper en Vader van

indigenous church to its own peoples.

We would like to stress the fact and bring home this truth that without the voice of the younger churches the witness of the mother church must necessarily be incomplete and that, resultingly, the church as a whole will suffer. It is therefore indispensable that the ministers and members of our younger churches in Africa discover the important role they are called by God to play in the furtherance of the kingdom of God, that they “become vocal”, that they should express their ideals and hopes, their questions and doubts as well as the insights gained from their study of the Word of God. It is only when the leaders of the younger churches accept their full responsibility and share their thoughts with the older churches that there can be growth and increase.

die Ewigheid nie, by Hom, die vleesgeworde Liefde nie.

DIE GROOT „NEE”

Om Christen te wees moet u soos Hy wees, Hom volg, en dit beteken 'n groot „nee” vir onself — en gemaksug vir onself voorkeur vir gerief, persoonlike voordeel, weelde en stofaanbidding. Terselfdertyd behels dit 'n groot „ja” vir die bereidheid tot die offer, want Jesus se liefde dwing ons tot wederliefde, tot liefde vir alle mense, selfs ons vyande I Joh. 4.

Dit verplig ons om onself te verloor, ons te gee ook vir die medemens in nood, lyding en ellende en die medemens is ons naaste, almal met wie God ons in aanraking bring: blank sowel as nie-blank. Ja, ook die nie-blanke want die liefde van Christus is 'n veroordeling van alle eiedunk, hoogmoed, snobisme — ook rasse-snobisme.

DIE OFFER HOM WELGEVALLIG

Laat ons nou hieroor besin: Daar moet 'n offer gebring word ten bate van die hulpbehoewende naaste: „Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen . . .”, Gal 6:10. Die apostel lê by die diens van Christelike barmhartigheid veral nadruk op die huisgenote van die geloof . . . (aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.)

Wie is die huisgenote van die geloof? Dit is my mede-Christen, blank en nie-blank. Ons awondsmaalsformulier benadruk hierdie plig in pragtige taal. Dit word so treffend gestel dat dit ons nie onverskillig kan laat nie. Hier is dit: „ . . . net so sal ons almal wat deur die waaragtige geloof in Christus ingelyf is, deur broederlike liefde, om Christus ons liewe Saligmaker ontwil, wat ons tevore so uitnemend liefgehad het, almal saam een liggaam wees, en dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys.”

WAT HET VAN JESUS IN ONS LEWE GEWORD?

As u, Christen nie meer lewe, maar Christus in u, (Vgl. Gal. 2:20) is u geroep om net-soos Hy, die evangelie te verbrei deur woord en geskrif. Ons noem dit gewoonlik sending, maar sending is ongetwyfeld meer.

Die Heiland tog het naas sy heilsprediking ook siekes genees, dooies opgewek, hongeriges gespysig. As sy dissipels is ons ook geroep om dieselfde te doen, d.w.s. om ons die leed en die armoede en ellende van ons mede-Christene aan te trek

en dan geld dit nie alleen die blankes nie maar ook die nie-blanke medegelowiges. En dit is nodig want daar is groot nood onder die mense veral in die wintermaande.

Hoeveel gemeentes hou kollektes vir daardie mede-Christene, vir wie Christus swaar betaal het met sy bloed? Ons bou pragtige groot sale. Baie van ons leef in oorvloed en weelde. Dink ons ooit aan die stoflike nood van dié mense?

Het die Here Jesus ons dan nie gewaaraku nie: „Ek was honger gewees en julle het My nie te ete gegee nie”. (Vgl. Matth. 25). En Jakobus vra: „As daar dan nou 'n broeder of suster nakend is . . . en een uit julle vir hulle sou sê: Gaan heen in vrede, word warm . . . maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie, wat baat dit?” Jak. 2:15 — 16.

DIE SWAK PUNT IN ONS LINIE

Die versuim om ons die liggaamlike nood van ons mede-Christene aan te trek, is juis die gevaarplek in die Christelike aanvals- en verdedigings-toerusting. Sê die Kommuniste dan nie elke dag vir die nie-blanke mense, ook vir die behoeftiges oor die hele wêreld: „Die Christene praat van liefde van God! Waar is die liefde? Ons sien daar niks van nie.” Godsdien, so word dan gekonkludeer, is opium om die honger massas tevrede te hou met die belofte van 'n „pie in the sky, bye and bye, when you die”. Hierdie liefdeloosheid en onverskilligheid teenoor die stoflike nood van ander is strydig met die liefde van God, wat Jesus geleer en beoefen het. Wat my benoud maak, is die vraag: Hoe oordeel God oor hierdie soort Christendom wat nie met minder wil klaarkom nie, om stoflike steun te bied aan die naakte, honger broeder of suster?

DIE KERK IN DIE WÊRELD

DIE STEM VAN DIE EVANGELIE

BESONDERHEDE omtrent die radio-sender in Addis Ababa in Etiopië word deur The British Weekly van 25 April 1962 verstrekk. Die Lutherse Wêreldfederasie wil heel Afrika met sy reuse senders in Etiopië dek. Buite hierdie hoofstad verrys 'n radiostad waar eventueel twee senders van 100 kilowatt sal opereer. Dertien wonings vir personele sal in hierdie jaar voltooi word. Die uitsaastasie sal bekend staan as die Stem van die Evangelie.

Die wêreldfederasie van Lutherse Kerke is 'n groot organisasie, het sy hoofkwartier in Genève en word geldelik goed ondersteun. Die plan om heel Afrika met gereelde uitsendings te dek, is deur ander reeds bespreek, maar word op bekwaame en oorspronklike wyse deur die Lutherse Kerk aangepak. 'n Miljoen dollars is reeds daarvoor opsy gesit. Ateljees word in verskillende dele van Afrika — ook in Suid-Afrika is daar vier — opgerig om die sentrale senders in Addis Ababa met die nodige programme in verskillende Bantoe-tale te voed.

Oorgeneem uit „Intra Nox”.

## Briewe van Jan Calvinis aan sy seun

II

Die duidelikheid van die Skrif  
Liewe Pieter,

Jou reaksie op my vorige brief was interessant. Ek kan begryp dat jy vrae het oor wat ek daar gesê het, nl. dat ons in alles aan die Skrif alleen onderworpe moet wees. Jou vrae kom — as ek jou ten minste goed begryp — daarop neer dat jy wel die onbetwisbare gesag van die Skrif wil aanvaar, maar tog vra of dit altyd duidelik is wat die lig van die Skrif oor 'n bepaalde saak is. Jy vra of daar dan nie terreine is, veral in ons moderne lewe, waaroor die Skrif geen pasklare uitsprake bevat nie, en of dit dan altyd so maklik is om te hou by die standpunt dat ons in alles ons deur die Skrif moet laat lei.

Dit is 'n intelligente vraag wat aan my toon dat jy besig is om 'n teoloog te word. Jy maak my selfs versigtig, omdat ek besef dat ek akkuraat sal moet antwoord om jou tevrede te kan stel. Maar ek sal tog probeer.

Jou vraag lê myns insiens op die terrein van die eg-gereformeerde leer aangaande die duidelikheid van die Heilige Skrif. Dié leer is gebaseer op talle uitsprake van die Heilige Skrif self, waarop ek nou nie in besonderhede wil ingaan nie. Ek haal eger net Ps. 119 : 105 aan: „U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.” Daaruit blyk dit dat Gods Woord 'n duidelike woord is, 'n lamp en 'n lig wat juis „voor my voet die duisternisse van my lewenspad verja.” En dié duisternisse moet onder andere ook al die probleme van ons moderne wêreld insluit. Gods Woord is tog 'n woord wat gesag het vir alle tye. Die Heilige Gees, wat die Eerste Outeur van die Skrif is, het alle tye, omstandighede, lande, situasies en wat nog meer oorskou. En Hy het daarvoor gesorg dat die Heilige Skrif voldoende lig bevat, en duidelik-waarneembare lig daarby, vir alle tye en alle omstandighede.

Ek weet dat dié belydenis altyd bepaalde besware na vore roep. Een van dié besware is dat daar tog dinge in die Skrif is wat nie so maklik verstaan kan word nie, duistere plekke wat beslis verklaring nodig het

om gegryp te kan word (vgl. 2 Petr. 3 : 15—16, Hand. 8 : 30—31 ens.). Op dié beswaar het ons gereformeerde vaders nog altyd geantwoord deur te sê dat die onduidelikheid van die Skrif op bepaalde punte nie die duidelikheid van die Skrif in sy geheel ophef en kanselleer nie. Vir die ernstige soeker na die waarheid van Gods Woord is daar voldoende lig in die Skrif om hom die weg duidelik en seker te laat sien, ook al is daar bepaalde duistere plekke, en ook al sien ons hier nog „deur 'n spieël in 'n raaisel.” Dit is eger nie jou beswaar teen die leer van die duidelikheid van die Skrif nie. Jou beswaar is dat daar dinge is waaroor die Bybel hom nie bepaald in soveel woorde uitspreek nie, en waarvan jy dus vrees dat dit nie so eenvoudig is om te sê dat ons ook daarin deur Gods Woord laat lei nie.

Jou standpunt herinner my daaraan dat baie mense die duidelikheid van die Skrif só wil verstaan, dat die Skrif alleen duidelik is ten opsigte van die weg van saligheid. Hulle meen dat die duidelikheid van die Skrif slegs gehandhaaf moet word ten opsigte van die vraag: Hoe word ek gered? Wat daarbuite val, sou dan aan ons eie wysheid oorgelaat moet word. Die uitsluitlike doel van die Skrif sou dan wees om aan ons die weg te toon hoe ons tot vergiffenis van ons sonde deur Jesus Christus moet kom, en miskien hoogstens om aan ons te toon hoe ons individueel deur die Heilige Gees geheilig moet word, maar vir die wetenskap, vir die kuns, vir die politiek, vir die sosiale verhoudinge, vir die verhouding van mense van verskillende rasse teenoor mekaar, vir die ganse groot lewe met sy telkens nuwe probleme, is ons aangewys op ons eie wysheid. Op daardie terreine sou die Skrif dan geen duidelike leiding gee nie. Die Skrif se duidelikheid hou op by „God en my siel”, en vir die res van my lewe is ek uitgelewer aan 'n ander lamp en 'n ander lig vir my pad.

So 'n standpunt is totaal onhoudbaar.

As Gods Woord vir ons gesag het, dan kan hy dit nie net

hê op die één terrein nie; dan moet hy dit deurgaans hê. Juis die feit dat die psalmis praat van 'n lig op die pad en 'n lamp vir die voet, moet ons tog laat besef dat dit juis ook vir ons lewenswandel so is dat die Skrif vir ons daarin 'n duidelike leiding wil verskaf. Die helderheid van die Skrif is nie slegs 'n duidelikheid omtrent die weg van saligheid nie, maar 'n duidelikheid oor hoe diegene wat in Christus tot kinders van God aangeneem is, moet wandel voor die aangesig van hulle Vader. Die Skrif is baie uitgesproke daaroor dat God nie alleen die Herskepper is nie, maar ook die Skepper en die Regeerder van hierdie wêreld. Sou daar dan 'n situasie wees waarin ons ons aan Sy heerskappy mag onttrek, uit Sy lig mag uittree en ons eie wysheid mag volg?

Ook al spreek die Skrif nie in soveel woorde oor 'n bepaalde saak in ons moderne wêreld nie — soos die Heilige Skrif die verskynsels van eendsterte, van ruk-en-rol, of van kommunisme, naziïsme, sosialisme en ander politieke ideologieë nie in soveel woorde bespreek nie — die feit bly tog dat die Skrif duidelik genoeg leiding aan ons gee oor hoe ons dergelike verskynsels moet beoordeel. In watter nuwe gewaad en onder watter nuwe naam die mens sy goddeloosheid ook al probeer klee, die wese daarvan bly dieselfde. En in die wet van God is daar eens en vir altyd nergelê wat Gods wil vir ons lewe is. Moderne situasies is variante op Bybelse situasies waarin die sonde van die menslike hart tot openbaring kom. En wat God destyds gesê het, dit sê Hy vandag nog. Sy boodskap is dus nie onduidelik, omdat die wêreld verander het nie. Sy boodskap oor bepaalde sake mag hoogstens vir ons onduidelik wees, omdat ons sondige harte nie graag Gods Woord oor 'n bepaalde saak wil ondersoek en in die lig daarvan wil wandel nie. Ons vind altyd weer nuwe weë om aan die klem van Gods Woord en Sy wet te ontkom. Gods Woord is duidelik genoeg. Ons hoef nie te maak asof die situasies waarin ons is, so totaal uniek is, dat Gods Woord nie daarvoor ook duidelik is nie. Maar ek moet nou sluit. Ons gesels volgende keer verder.

Met groete en liefde van jou vader,

JAN CALVINIS.

## DIE GODDELIKE WEG

„Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe? En Jesus antwoord: Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?

En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself.

Toe sê die Here Jesus vir hom: Jy het reg geantwoord; doen dit, en jy sal lewe.”

„Die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie want God is liefde. Geliefdes, as God ons so lief gehad het, dan behoort ons ook mekaar lief te hê.

„Ons het die liefde wat God vir ons het, leer ken en geglo. God is liefde en hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom. As iemand sê: Ek het God lief — en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar want wie sy broeder wat hy gesien het nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?

En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder liefhet.”

So praat Gods Woord. Dit is die taal van die liefde. Dit is die ewige evangelie. Dit is die lewe. „Doen dit, en jy sal lewe.” Die ware lewe is 'n lewe van liefde. Hierdie lewensbeginsel dek alles; dit betrek alle terreine van die lewe; dit is 'n allesinsluitende, allesomvattende, allesoorheersende lewensbeginsel. Daar is geen ander lewe nie. Wie die liefde nie het nie, ken God nie.

Hierdie lewensbeginsel bepaal al ons handel en wandel. Wat ons doen en sê en dink, moet staan onder die wet van die liefde. Daarom het die Here Jesus die wet só verklaar: „Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen — net so moet julle aan hulle doen.” Dit is die weg van die liefde: om ons medemens lief te hê net soos ons onself liefhet. God skenk ons die liefde as 'n gawe van bo — die ware, suiwer, geheiligde liefde. Maar hierdie liefde moet aanvaar en beoefen word. „Oefen julle in die godsaligheid,” skryf die apostel Paulus. Ons moet die liefde in ons vervolmaak deur ons daarin te oefen. Dit help nie om die liefde te bely maar dit nie te beoefen nie. Ons moet die liefde as 'n lewensbeginsel toepas.

In die jongste tyd het die probleem van menseverhoudings sterk na vore gekom. Uit sekere oorde word dit weliswaar so oordryf en uit verband geruk dat mense hulle perspektief verloor. Heel dikwels spruit dit ook nie uit die liefde nie maar word politieke oogmerke daardeur gesoek. Die gelykwaardigheid van die mens het 'n politieke kreet geword. Maar vir die Christen bly dit 'n akteuele aangeleentheid. Menseverhoudings is 'n baie belangrike saak vir die Christen want Christus het dit self voorop gestel: jy moet jou naaste liefhê soos jouself! Daarom moet ons met hierdie aangeleentheid baie nugter en eerlik wees en sorg dat ons benadering van hierdie wêreldwye vraagstuk — 'n vraagstuk wat die politieke denke vandag oorheers — sal geskied in die lig van Gods Woord.

Menseverhoudings word deur die wet van die liefde bepaal. Ons moet ons naaste liefhê soos onself. Ons weet wie ons naaste is. Dit is nie net ons medekerkklimate nie; dit is nie net ons eie Afrikaanse volksgenote nie; dit is nie net die wat dieselfde huidskleur as ons het nie; dit is nie net ons eie geesgenote nie; dit is ook nie net die beskaafdes en die begaafdes nie. Dit is nie moeilik om ons eie geesgenote, die gawe en die ontwikkelde mense lief te hê nie. Die toets vir naasteliefde lê daarin of ons ook die minder beskaafde, die minder gegoede, die armes van gees en die ander huidskleur, die ander kultuurgroep kan liefhê.

Laat ons hierdie uitdagende vraag self eerlik beantwoord: Het ons, wat die liefde van God bely, ook die Bantoe en die Kleurling, die Asiaat en die Jood lief? Moenie te haastig antwoord nie. Dink goed na daaroor.

Indien dit dan so behoort te wees volgens die wet van die liefde soos Jesus dit verkondig het, dan moet die liefde vir ons medemens ons hele kerklike lewe oorheers, ons politieke denke bepaal en al ons sosiale verhoudings deursuur.

„Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen — net so moet julle ook aan hulle doen.”

M. M. Smit.

**GEAGTE REDAKSIE.** — Die artikel van prof. Ben Marais, „Die Eksklusiewe Rassekerk-Teologie” in die Lig van die Skrif en die Kerkgeskiedenis”, in die jongste uitgawe van Pro Veritate, verplig my om mee te spreek. Dit spyt my, maar dit ontbreek my aan vrymoedigheid om in Pro Veritate self te skrywe; daarom sal dit my seker vergewe word as ek my tot Die Transvaler wend. Die saak is van algemene belang en kan nie net tot die eksklusiewe of geïsoleerde leserskring van Pro Veritate beperk bly nie.

Ek sou baie graag van prof. Marais wil verneem in watter teologiese seminarie of fakulteit hierdie „sogenaamde teologie” as leervak aangebied word, of watter sinode tot so 'n teologie besluit het. Dit is vir my 'n openbaring om van 'n „eksklusiewe rassekerk-teologie” te hoor. Ek is terdeë bewus van die broederlike verskil wat oor rasseaangeleenthede onder ons bestaan, maar hierdie „Eksklusiewe Rassekerk-teologie” kom vir my vreemd voor, en om dan nog van „n

## Skeiding in die kerk: Vrae aan prof. Ben Marais

sogenaamde teologie” te praat, is onnodig bytend. Ek glo dit gee aanstoot sonder om die eenheid wat Pro Veritate hom voorstel, is bevorder.

Die opskrif van die artikel gee voor om die sg. teologie in die lig van die Skrif en die Kerkgeskiedenis toe te lig en af te kam. En nou is die eienaardige dit: In sy breedsprakigheid haal die skrywer geen enkele Skrifuitspraak aan nie. Wat is die gesaghebbende uitspraak van die Skrif en die Kerkgeskiedenis teen aparte kerke? Dit is die strydvraag waaroor ons trag om broederlik te verskil, en dit is in hierdie opsig dat die artikel erg teleurstel. Die oorsig van die geskiedenis is seker reg, maar die Skrifuitspraak en die dokumentêre uitspraak van die Kerkgeskiedenis ontbreek. Dit is 'n gemaklike metode om jou saak so teen jou teenstander te bewys, en so kan die teen-deel net so maklik Skriftuurlik bewys word.

Dit is vir my ook nie duidelik op welke gronde die geagte skrywer „apartheid tussen blankes en nie-blankes” op kerklike gebied afkeur en dan tog weer goed praat nie. Die „tallose pogings deur tallose mense” om dit te regverdig, is 'n growwe oordrywing. Daar bestaan nie 'n „Godsbevel” tot die stigting van „eksklusiewe rasse- of kleurkerke” nie, maar na my kennis het niemand dit ooit beweer nie. Die heftigheid waarmee hierdie stelling bevege word, is onvanpas, want daar is verskeie leerstellinge waarvoor daar nie 'n „Godsbevel” is nie, en wat tog geregverdig word. Persoonlik is ek daarvan oortuig dat die afgeleide regverdiging vir aparte kerke tog nie so Skrifvremd is nie. Die konsekwente eis om 'n „Godsbevel” moet dan aan die hele front van die teologie gestel word.

Indien die „verinheemsing van die kerk” as argument „vir rasse-eksklusiwiteit vals is”.

wat is dan die waarheid wat prof. Marais hierteenoor wil stel? Die „rassekerkteologie” wat trag om „aparte” kerke te regverdig is „onbybels” wat is nou die suiwer Bybelse en hoe sal dit ons kerklike praktyk raak? Wat is prof. Marais se persoonlike antwoord aan die „aparte rassekerk”, en hoe gaan die „wedersydse openheid” die huidige praktyk omvorm? Dit is praktiese vrae wat deur die negatiewe artikel omseil word. Dit is maklik om die „geloofsapartheid” en „eksklusiewe rassekerke” met 'n omhaal van woorde te veroordeel, maar dit is nie so maklik om die uitsprake van die Skrif en die Kerkgeskiedenis tot in die hart van die praktyk deur te trek nie. Dit spyt my om dit te sê, maar die hardnekkige veroordeling van die huidige situasie sonder 'n konsekwente oplossing, word nou eentonig.

Dit wil vir my nou werklik voorkom asof die verwydering van die „eksklusiewe rasseker-

ke” nou die Alfa en die Omega in die stryd van Gods Koninkryk geword het. Te oordeel na die gesprek van Pro Veritate voel dit vir my asof sommige broeders aan 'n kompleks ly, en dat die ware stryd teen die geloofsverval daarom nie opgemerk word nie. Die huidige stryd om die éénheid van die kerk is nie gebore uit 'n ware Christelike behoefte nie, maar is die onrype vrug van 'n wêreldwye agitatie. Dit is 'n bepaalde invloed van die humanistiese liberalisme, wat nie meer in staat is om te onderskei tussen geleerdheid en beskawing, nasionalisme en 'n ontwaakte barbarisme, Koninkryk van God en die koninkryk van die komende Antichris nie. Hierdie invloede is ook onder ons aan die werk en indien Pro Veritate met sy bytende beleid voortgaan, voorsien ek nie eenheid nie, maar 'n verdere sondige verskeurdheid.

Nico van Loggerenberg,  
Benoni. V.D.M.

Oorgeneem uit „Die Transvaler”, 31/8/1962.

Prof. Marais antwoord op bls. 5.

# Prof. Ben Marais antwoord op vrae van Ds. Loggerenberg

Ek is jammer dat ek ds. Van Loggerenberg moes forseer om vir 'n teologiese blad oor teologiese sake te skryf i.p.v. in die emosioneel gelaaiete atmosfeer van die party-politieke pers waar 'n rustige, vrugbare gesprek oor teologiese sake uiteraard nie moontlik is nie. Aangesien die dagblad waarin ds. Van Loggerenberg geskryf het nie my artikel oorgeneem het nie, sou 'n korrespondensie daarin geen sin hê nie aangesien die lesers nie sou weet waarom dit eintlik gaan nie. Hul het my standpunt nie gelees nie. Dit kan net tot misverstand en wanvoorstellings lei.

Ek sal kortliks op ds. van L. se vrae soos volg wil antwoord:

1) Ds. van L. bevraagteken die bestaan van „n teologie van die eksklusiewe rassekerk” Dit verstom en verbly my. Gid ds. van L. werklik nie dat daar baie onder ons is, binne sowel as buite die kerke, wat beweer dat God of die Skrif die aparte rassekerk leer of voorskryf nie? Enige mens wat daardie standpunt huldig is 'n voorstander van die teologie van die eksklusiewe rassekerk. Tel ds. van L. hom nie onder hulle nie? So nie, sou ek graag wil weet waar hy homself groepeer.

Hiermee wil ek sommer 'n verdere vraag van nom beantwoord: Al aanvaar 'n mens nie die teologie van die eksklusiewe rassekerk nie (en as ds. van L. aan die bestaan van so iets twyfel, moet dit selfs baie nader aan dood wees as wat baie van ons dink!) beteken dit nog nie dat jy nie binne bepaalde grense en omstandighede aparte bediening kan goedkeur nie waar dit die uitdra van die evangelie mag bevorder. Dis egter nou nie vir jou opdrag van God, 'n wet nie, en dis nie alleen daarom lityd hersienbaar nie, maar aan sterk begrensing onderworpe. Die vraag is en bly nog of afsonderlike bediening ooit mag lei na absoluut aparte kerke. Mag die kerk se eenhoud daardeur verbreek word en moet daar nie één algemene Sinode vir die hele kerk bly al is daar 'n groot mate van afsonderlike bediening en inrigting op meer lokale of gebiedsvlakke nie?

Ek verwys ds. van L. na dr. W. D. Jonker se uitstekende uiteensetting in dié verband in sy pas gepubliseerde werkie: „Die Sendingbepalinge van die N.G. Kerk van Transvaal”.

Indien ds. van L. op Skriftuurlike gronde 'n meer bevredigende oplossing kan voordra, sal ek, dr. Jonker en ek glo dat „Pro Veritate”, dit verwerklik.

Ek kyk vooruit daarna. Dis die vrae waarom ons graag 'n rustige, verantwoordelike diskussie wil uitlok.

Ons glo dit is in die hoogste belang van die toekoms van ons eie kerk en die koninkryk van God in Afrika. Mag ons die kerk verdeel op rassegronde al sou bv. taal en ander verskille afsonderlike bediening tot voordeel van die Woordverkondiging maak? En mag ons ooit uit enige gemeente of plek van aanbidding iemand weer omdat hy aan 'n ander ras of volk behoort? Is die kerk só rassebonde of mag dit so wees?

Mag die kerk stilswyend

of andersins toegee aan of geneë neem as lidmate beweer dat hul weier om saam te aanbid met mede-Christene omdat die aan 'n ander ras behoort? Tas so 'n gesindheid en sulke uitlatings nie die wese van die kerk, gekoop deur die bloed van Christus, aan nie? Moet die kerk nie sulke houdings en gesindhede in die Naam van Christus besweer nie al mag dit die houding van 'n klein minderheid in die kerke wees? Doen ons bewustelik genoeë om sulke gelowiges tot suiwerder Christelike insigte te lei?

Dis die vrae wat baie van ons kwel as ons voor Christus en sy Woord staan en die Skriftuurlike beeld van die kerk vir ons voorhou.

Is die grondverskil tussen my en ds. van L. nie daarin geleë dat sy uitgangspunt die praktyk is wat hy te alle koste graag deur die Skrif wil geregverdig sien, terwyl ek bloot die beeld gee wat die Skrif ons van die kerk bied en dan vra: „Kan ons die praktyk in die lig daarvan handhaaf?”

Ds. van L. behoort te weet hoe groot die gevaar is dat jy die Skrif gaan ombuig as jy van die praktyk uitgaan en dit deur die Skrif probeer geregverdig i.p.v. andersom.

Die beeld van die Skrif is so glashelder: Die kerk bestaan in elke plek uit alle gelowiges wat daar woon wat ook al hul agtergrond of herkoms was. So was dit in Antiochië, Rome, Korinthe, Efese. Daar is nêrens 'n suggestie of heenwysing dat mense van verskillende rasse of stande aan aparte gemeentes of kerke moet behoort of behoort het nie. Grieke en Jode, here en slawe is almal saam en in Noord-Afrika, in die gemeente van Augustinus, inboorlinge en Romeine. Die feit dat hulle aan Christus behoort het, was die groot nuwe, allesoorheersende feit.

In die gemeente, in die kerk van Christus, was hulle één en het alle skeiding weggeval wat buite mag bestaan het.

In die kerk is alle pole wat mense in die antieke wêreld so radikaal skerp geskei het, oorbrug, of dit noual rasse-skeiding was of dié tussen die heer en sy slaaf. Toe daar moeilikheid was omdat die Griekse weduwees verwaarloos is, is diakens aangewys om dit uit die weg te ruim. Daar is nie aparte kerke vir Grieke en Joodse Christene gestig nie.

Nou moet ds. van L. dit aanvaar of ontken. Aanvaar hy dit, bly daar nie vir hom iets oor om op te redeneer nie. Ontken hy dit, rus die bewyslas op hom en sal ek baie graag daarvan verneem uit

die Skrif self. Ek dink nie by sal dit probeer doen nie.

Wat die Kerkgeskiedenis betref, het hy reeds erken dat daar geen skeiding was nie.

Ek wil volstaan deur weer te herhaal: nie één van die bekende teoloë van wêreldformaat op wie ons in Suid-Afrika ons heeldag beroep vir alle ander sake, sal erken of toegee dat die Skrif aparte kerke leer of voorskryf of 'n rassegrondslag vir die kerk van Christus voorhou nie. Dit geld vir Gereformeerdes sowel as ongereformeerdes. Hy kan kies na wie hy hom wil skik.

Die afsonderlike bediening ter uitbreiding van die evangelie onder heel besondere omstandighede, soos taalverskille, waar die eenheid van die kerk bewaar word en waar daar gevolglik geen rasse-eksklusiwiteit binne die kerk is nie, is natuurlik iets anders.

Mag ek ook die hoop uitspreek dat ds. Van Loggerenberg met die jare die wêreldwye verskil sal leer insien tussen die inheemse kerk en die rasse-eksklusiewe kerk.

## DIE KERK IN DIE WÊRELD

### HUNDREDS OF SECTS COMPETE WITH TRADITIONAL CHURCHES

THE BISHOP of Johannesburg, the Rt. Rev. Leslie Stradling, writes in "The Watchman" that "one of the startling features of life in our African parishes" is the large number of sects with which the church is in competition.

"The total number of these sects in South Africa is certainly over 2,000 now and it is probable that in any one of our city parishes there are up to 100 of them in action.

"It is bad enough that, in the face of a hostile world, Christians in the historic tradition — Roman Catholics, Dutch Reformed, Methodists, Anglicans, and so on — should present a divided front, but it is far worse when we find this enormous variety.

"There are said to be still 4,000,000 pagan Africans in the country and it is hardly surprising that they are not anxious to become Christians when the question 'What is a Christian?' is answered by so many different voices."

He finds there are two main types of separatist "churches" — the Ethiopian type, which represents a breakaway from one of the churches of European stock, and the Zionist "which is developing steadily in the direction of a synthesis with the pagan religion of African tribalism."

The Ethiopian type of separation is frequently caused by nationalist aspirations and by a dislike of being under White control.

"As political and trade union activities are largely denied to Africans in this land, at least in any overt way, one of the very few ways in which a man with a gift for independent leadership can express himself

Briewe van lesers

## Dood of Lewendig

Ons hoor dikwels die opmerking dat die kerk besig is om dood te gaan deur gebrek aan kennis.

Wat kan gedoen word om dit te verbeter?

Is daar moontlikhede om ons kennis te vermeerder? Sakerlik!

Dit is 'n vreugde om te meld dat daar kringe, Bybelstudiekringe, bestaan wat probeer om hierdie gebrek te verminder.

Maar wat is die doel van 'n Bybelstudiekring?

Dit is die bespreking van die Heilige Skrif en die oefening in die nuttige kennis van die Woord van God om die pligte as lid van die kerk, staat en maatskappy ooreenkomstig die Woord van God na te kom.

Kortliks is die doel: **Ken en Bely.**

Kragtens die eis van die Verbond word ons geroep om Hom te bely. Ons lewe is nie 'n stuk blank papier waarop ons self mag skrywe wat ons hart ons ingee nie, maar die Here wil daarop Sy Naam lees en Hy bepaal die rigting van ons lewe. Ons word geroep om te bely en vir daardie belydenis moet ons kennis versamel en vermeerder.

In hierdie versameling en vermeerdering van kennis wil die Bybelstudiekring die mense van „Gereformeerde lewensopvatting" help.

Dit beteken nie dat iets van die werk van die kerk oorge-

neem word nie. Die werk van die kerk word primêr gestel. Die werk van die kerk het 'n hoër karakter, naamlik, die bediening van die Woord, die kategeties onderwys wat die dooplede lei van die sakrament, die Heilige Doop, na die ander sakrament, die Heilige Nagmaal.

Die Bybelstudiekring bedoel alleen om die mense van „Gereformeerde lewensopvatting" self te laat mee werk aan die versameling en die vermeerdering van hul kennis waarvan die kerk die grondslag geleë het en nog elke Sondag lê deur die bediening van die Woord.

Dit sal dus vir almal duidelik wees dat die werk van die Bybelstudiekring die kerk help om haar lidmate die Woord van God beter te laat verstaan met die heerlike resultaat dat die kerk 'n kragtige getuiskerk sal word.

„En die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie."

Die Bybelstudiekring van Vanderbylpark bestaan reeds meer as 11 jaar en het tans omtrent 35 lede.

Daar word egter gevoel dat daar 'n nouer samewerking moet kom met ander Bybelstudiekringe sodat ons mekaar kan help en ondersteun om die doeleindes van die kringe te bevorder.

Dit sal baie waardeer word indien ander Bybelstudiekringe in verbinding wil tree met ondergetekende, voorsitter van die bogenoemde kring.

G. van Maarleveld,  
Johannesburgweg 34,  
Arconpark, Vereeniging.

is through religious activity of this sort. We may therefore expect to see this kind of sect increasing rather than decreasing in the future."

Sects of the Zionist type lay great emphasis on healing of illness.

"To some extent this is a failure of the church to retain a healing ministry as part of its normal life. But clearly this type of sect is a greater threat to the church than the other because it provides what is called Christianity without either true Christian doctrine or high Christian moral standards."

The Bishop concludes that the practical way to keep people steadfast in the real faith is more and more teaching, and prayers, support and interest for those who do the work.

"The Star", 30/8/1962.

## RADIO STATION ELWA

USING 20th Century methods to present the 1st Century message, Radio Station ELWA has become a well-known voice in thousands of towns and villages across the rapidly changing Continent of Africa. Located on the Atlantic Shores of the friendly West African Republic of Liberia some ten miles below the capital city of Monrovia, ELWA beams its programs of Light and Life daily to the hearts and homes of Africa's millions.

Radio Village began with a permit from the Communications Commission of the Republic of Liberia and a generous grant of 100 acres of land from the Government. The first broadcasts sounded forth in January of 1954 on the 1,000 watt medium wave transmitter with two and a half hours each evening.

Today, under the guidance

of God, ELWA boasts a 50 kw. and a 10 kw. short wave transmitter which send daily programs in some 30 African Languages plus English, French and Arabic into practically every area of Africa. The missionary staff of technicians, musicians and announcers numbers close to 40, coming from six different countries. Close to 100 Liberian young men take part on the staff, as announcers, control board operators, typists, script writers, electricians, masons, carpenters. Broadcasts include news, music, educational programs, Government broadcasts and "Christian programs setting forth a positive Gospel."

Several thousand letters come into Box 192 each month as a result of the broadcasts. The busy Counselling Department seeks to answer all of these letters, sending out Christian literature to listeners all over Africa. Students of the Radio Bible School studying Bible Courses in their own homes number over one thousand. Radio Village carries on a busy Clinic with three missionary nurses and a Grammar School training national staff for positions of leadership. A local scholarship program is assisting worthy Liberian young men in high school and university training.

ELWA is a part of the Sudan Interior Mission, a large interdenominational Christian Mission which has been working in Africa since 1893. The station depends entirely upon the gifts of Christian friends around the world to carry on its expanding ministry.

Taken from *Cora Bulletin*, No. 1, April 1962.

Die groot aantal belangrike artikels het dit wenslik gemaak om hierdie uitgawe met 10 bladsye te laat verskyn. Hierdeur is ons 'n bietjie later as gewoonlik.

REV. C. GREYLING

## Muslim teaching about Adam and Joseph

In the previous article we discussed the Muslim teaching about Jesus. In the Qur'an several other Bible personalities are mentioned and it is very interesting to compare the stories as told in the Qur'an with the history as revealed in the Bible. In this short article we can only briefly discuss what the Qur'an and Muslim tradition teaches about Adam and Joseph.

### ADAM AND EVE

The Muslims call Adam "Abu'l-Bashar" — the father of mankind. This creation is related in the Qur'an in Sura 15: 26-27 where it is told that man was created from dried clay, black mud, fashioned into shape. After Adam was created, God commanded the an-before him. All obeyed with the exception of Iblis (Satan). God asked Iblis why he was disobedient and he answered that he would not bow to a mortal made of black mud, while he himself was created of fire. He thought it was beneath his dignity to pay homage to a being made of earth. He was therefore banished and cursed. But he begged postpone of his punishment until the Day of Judgement. He was granted this request as well as his request for power to lead astray all those who were not true servants of God. (See Sura 15: 26-44.) When Adam and Eve were in Paradise, he tempted them and caused their fall (See Sura 2:35-38, 20:116-123). Here it is interesting to note that the so-called "Gospel of Barnabas" (a forgery of the late Middle Ages, evidently written by a Christian renegade to strengthen the claims of Mohammed and prove that Jesus Christ had foretold his coming) tells how, when Adam and Eve were driven out of Paradise, Adam looked back and saw written above the gate of paradise: "There is only one God and Mohammed is his prophet". (Gospel of Barnabas — translated by Lonsdale and Laura Ragg, Oxford, 1907, p. 91).

Having been driven from Paradise, Adam alighted upon the island Saradib (Ceylon), where he stayed 200 years separated from his wife, spending the time in doing penitence. There is on the island a mountain which is called Pico de Adam, where according to legend, the imprints of Adam's feet, 70 cubits long, are seen on a rock. After Adam had repented, Gabriël brought him to Mount Arafat, near Mecca, where he met his wife. God then ordered Adam to build the Ka'ba of Mecca, to which the Muslim go for their yearly pilgrimage and Gabriel taught Adam the pilgrimage ceremonies.

Concerning the creation of Eve (Hawwā) it is told that she was created in Paradise out of a left rib from her sleeping husband, which operation caused no pain. Tha'labi, one of the Muslim commentators remarks that, as Adam was created out of dust and Hawwā out of bone, man becomes more years but woman more ugly!

### JOSEPH

In Sura 12 Muhammad deals with the story of Josef (Yú-

suf). To us as Christians this story makes interesting reading, especially when we note the additions to the Biblical story.

Yúsuf tells his dream about the sun, moon and eleven stars to his father, but Ya'kúb warns him not to tell his dream to his brothers: "O my son, relate not thy dream to thy brethren, lest they devise a plan against thee" (12:5). Joseph's brothers are never mentioned by name. The brothers decided to throw Joseph in an empty well because their father favoured him above them and when they come home with their story: "O, our Father, we went off racing one with another and left Joseph by our goods, as the wolf devoured him", their father does not believe them. To this Muhammad Ali, in his translation of the Qur'an, comments: "Beside several discrepancies, the Bible narrative represents Jacob as an ordinary mortal, while the Holy Qur'an represents him as a prophet. The former makes him grieve for the loss of a beloved son as any other mortal would, but the latter shows that he had from the first hope . . . Thus the Qur'an, in fact, removes the inconsistencies of the Bible narrative." (p. 466)

I quote this comment to show the attitude of the Qur'anic commentators toward the Bible.

The Egyptian who buys Joseph, proposes to his wife to adopt him. When tempted Joseph has a strong desire for his temptress, but he resists, having received a clear sign from Allah. As Joseph tried to flee from her, she tore his shirt from behind and later this was evidence to prove that Joseph was innocent and the woman guilty. The temptress is sternly rebuked: "And o my wife, ask forgiveness for thy sin. Surely thou art one of the sinful". (v. 28.)

When the woman started talking about the fact that the captain's (or chief's) wife tried to seduce her slave, she invites all her friends to a banquet "and gave each of them a knife . . ." and then she called Joseph to serve them. When he came in, they were so dazzled by Joseph's beauty that they cut their fingers instead of the food and said: "Holy Allah! This is not a mortal! This is but a noble angel. She said: This is he about whom you blamed me . . ." (verses 31, 32). Then Joseph realised that his purity was in danger and he said: "My Lord, the prison is dearer to me than that to which they invite me. And if Thou turn not away their device from me, I shall yearn towards them and be of the ignorant" (!) So the Lord accepted his request and put him in prison, where later he interpreted Pharaoh's dream and was appointed over the store-houses of Egypt.

After Joseph made himself known to his brothers, he sends his father a shirt, which is to restore his eyesight. Ya'kúb recognises its smell from a distance. According to tradition

Jacob immediately asked how Joseph was, and he received the answer that Joseph was king of Egypt. "That is not what I am asking; I mean how is it with his faith?" he said. "He is a Muslim", the answer came. "Then my happiness is perfect", Jacob said.

This tradition is in accordance with the Qur'anic teaching that all the prophets were Muslims. Sura 3:66 for example reads: "Abraham was not a Jew or a Christian, but he was an upright man, a Muslim; and he was not of the poly-theists". Even Jesus, according to them, taught Islam but his teaching was corrupted, especially by men like Paul. This we will discuss in the next article.

## Die Kerk in die Wêreld

PROF. HROMADKA SPREEK  
PRESBITERIAANSE  
ALLIANSIE TOE

BY DIE onlangs gehoue vergadering van die Presbiteriaanse Alliansie van Europa in Zürich, het prof. Hromadka die vergadering as volg toegesprek:

Alle mense is God se mense — Oos sowel as Wes, nie-blank sowel as blank, anti-Christelik sowel as Christelik. Die 'Israel van God', die kerk, God se werktuie en boodskappers, is hulle wat dit besef en uitlewe. Die kommunist behoort ook aan God, maar hy is 'n verlore skaap sonder Christus en moet deur die volgelinge van Christus getrou gesoek en gevind word. Ons het die antwoord op die lewensvrae maar ons verloor dit sodra ons hoogmoedig of selftevrede word. Ons moet

alles vir almal wees in die sin waarin Paulus hierdie uitdrukking gebruik het, in die geloof dat dit Gods wil is dat almal behou word (II Petrus 3:9). Ons moet gaan daar waar ons mense gevange sien in die strikke van sonde en Satan en hulle help om bevry te raak en nie te twyfel aan Gods almag en uiteindelijke oorwinning nie. Ons moenie op ons waardigheid gesteld wees nie, ons moenie omgee as ons onder voete getree en met modder bespat word nie. Ons moet, wat dit ookal kos, in die werklike omstandighede ons begewe waar mense lewe, sondig, twyfel en beraadslaag. En daar moet ons die liefde van Christus vertoon — gewillig om, indien nodig, verag en verwerp te word, om die 'uitvaagsel van die wêreld', sonder aansien te word, getrou tot die dood toe.

Oorgeneem uit "Intra Nos".

## THE CHRISTIAN PATRIOT

Every state demands at least one thing of its citizens; whatever the ideology to which it subscribes, it expects of those who live within its borders a loyalty to its laws. Where this is not freely given, it reserves the right to exact it by force. We have been brought up to consider treason the most heinous of crimes against our country, the negation of loyalty and patriotism, especially for Christians, who owe a double loyalty to God and their country?

We are probably familiar with that brand of thinking which cries in toast, "My country! right or wrong!" Is that the Christian criterion for patriotism, or is it a philosophy like the old lady's, whose Johnny was the only one in step on parade? We might be enjoined to sing that strangely moving hymn by Cecil Spring Rice, "I vow to thee, my country," with its couplet:

The love that asks no question,  
the love that stands  
the test,

That lays upon the altar,  
the dearest and the best.  
In the subtlety of that temptation we need to be recalled to the honesty and clear-sightedness of those bold words Winifred Holtby put into the mouth of her heroine in *South Riding*.

Sarah Burton, headmistress of Kiplington High School in Kingsport, was preparing her pupils for the Silver Jubilee celebrations, when they would be singing this hymn. She said to her pupils: "Don't take that literally. Don't let me catch any of you at any time loving anything without questions. Question everything — what I'm saying now. Especially, perhaps what I say. Question everyone in authority, and see that you get sensible answers to your questions. Then, if the answers are sensible, obey the orders without protest . . . This is a great country, and we are proud of it, and it means much that is most lovable. But questioning does not mean the end of loving, and loving does not mean the abnegation of intelligence. Vow as much love to your country as you like; serve to death if that is necessary . . . But I implore you, do not forget to question."

For the real patriot truth is paramount. Behind party

cries and slick electioneering slogans he must look for the truth. It is not love, not at any rate love in the biblical sense, which asks no question, but the unthinking conformity of the herd, which is not patriotism but subjection. The real patriot has learned the lesson that love for one's country does not blind one to her shortcomings. He has removed his rose-tinted spectacles, to see his country in all her woe, in all her weakness, even in all her iniquity, for the patriot is, first of all, a realist, who can speak only from the depths of his honesty. And yet he is more than a realist, for, seeing his country thus, he loves her still, and desires the best for her. That, if I have read them aright, is the burden of the Old Testament prophets, who constantly brought Israel up short with their questions (not just of religion, but of morality as well), but loved her in spite of her waywardness. The true patriot, loving his country, loving so deeply and at such cost, cannot shrug off her weaknesses, or be silent over her infidelities. The burden laid on him is the burden of love, so that he can never escape the responsibility of his loving, which compels him to bring her sins under the microscope of conscience. To pass judgment on the state of the nation becomes, then, not disloyalty, not treason, but the lament of the wounded heart, the trumpet-call back to realism and health.

What has been said so far is true of any man devoted to his country. For us who are Christ's, though, one thing more is necessary. The Christian patriot must speak, not only from honesty, but from a sense of history too, reading the signs of times in terms of the past, in terms of God's dealings with His people through

the years. He will never be able to ignore the hand of God upon his land, the mercies and bounties constant through each succeeding year, which his country has most often spurned or taken for granted as her due. He will be forced into a philosophy of history which acknowledges the sovereignty of the Lord as author and ruler of the destinies of nations, and therefore, for the Christian patriot, the Almighty God must be put above his country. God and His righteousness must be prime, the land and its welfare secondary. No other order will do.

Since the patriot bears in his conscience the sins of the people, he must measure them against a standard higher than humanity. If from very love he highlights the iniquities of society, he can indict them only on a basis above the level of common decency. He can only measure his country against the holiness of this sovereign God, and judge the common attitudes wrong where they leave Him out of their reckoning. A patriotism which leaves God's eternal decrees on one side degenerates into misguided enthusiasm and silly sentimentality.

We need to be quite clear about this. As Christians our first duty is to God, to seek first His kingdom and righteousness. God and His royal demands are absolutely primary, for He alone is final judge and arbiter of any nation or people. The Christian patriot, then, sees his country in terms of eternity, reckons himself and his people under judgment from above.

No other basis of judgment can ever suffice. In the world it is Pilate who judges, and Jesus who is judged. But the truth seen from the angle of eternity is exactly opposite. In the sight of God it is Pilate who is judged, for Jesus our Lord in His passion unmasks the inherent wrong at the heart of every state, a wrong which can only be righted when He is exalted and the government is upon His shoulder.

REV. D. R. BRIGGS

# Liberalisme: Begrip en Wanbegrip

—Dr. André Hugo

VEEL IN DAT NIEUWE IS WAAR, IK KAN HET NIET  
WEERSPREKEN;

MAAR 'K NEEM HET TOCH NIET AAN, 'T STRIJDT MET  
— MIJN OUDE PREEKEN!

— De Genestet, 1860.

Bostaande „Leekedichtjen” van die Hollandse predikantedigter weerspieël iets van die geestelike stryd wat honderd jaar gelede die gemoedere gaande gemaak het, nie net in Nederland nie, maar ook in Suid-Afrika. En nou wil dit my voorkom of dit net so wel ook in die jaar 1960 geskryf kon gewees het. Het De Genestet nie daarin op geestige en kernagtige wyse onder woorde gebring wat menige lidmaat en leraar van ons Afrikaanse kerke vandag in sy binneste voel, en nouliks teenoor homself durf bely nie?

Waar geestelik gelêf word, daar sal altyd die spanning bestaan tussen die oue en die nuwe, tussen die oorgelewerde en die skynbaar rewolusionêre. Reeds in die eerste eeu voor Christus het die Romeinse digter Horatius al verwys na die ou manne wat

„Moeilik erken dat hulle moet  
laat vaar

wat hulle as baardlose kna-  
pe geleer het.”

Ek kan my voorstel dat daar tye in die Europese geskiedenis was toe geen sodanige aanpassing of erkenning van die ouer geslag geëis is nie; maar tye van geestelike groei en vooruitgang sal dit nie gewees het nie. En al voel ons vandag ook dikwels, saam met De Genestet, dat ons die slagoffers is van 'n tyd,

„Zoo veel-, zoo aaklig veel-,  
en nogeens veelbewogen”.

tog weet ons in ons harte dat ons dankbaar behoort te wees dat dit aan ons gegee is om te leef in 'n tyd waarin die gedagtes nie stilstaan nie, waarin ook die Kerk nie stilstaan nie, en waarin ons ook juis as Christene voortdurend ge-

dwing word om rekenskap af te lê van ons denke en geloof.

Gelukkig die mens wat so 'n moeilike tyd bewus beleef; wat die innerlike veerkrag en soepelheid besit om die anrollende branders nie lafhartig te probeer ontwyk nie, maar moedig tegemoet te vaar, en omdat hy die Rotssteen het, geen behoefte voel om aan strooihalms te hang nie. Gelukkig die Christen wat dan bewus kan ervaar wat dit beteken om dissipel te wees van 'n Heer wat gekom het om alle dinge nuut te maak, en wat nie gekom het om vrede te bring nie, maar die swaard, en verdeeldheid, en stryd. Gelukkig die lidmaat wat in so 'n tyd weet dat hy behoort tot 'n Kerk wat nie daar is om bestaande ordes in stand te hou nie, maar om as rewolusionêre krag die bestaande orde juis telkens weer van bo tot onder om te keer en te hervorm wanneer die gehoorsaamheid aan Christus dit verg. So iemand sal saam met die Belgiese priester kan sing:

„Het leven is: geen vreed' al-  
hier,  
geen wapenstilstand vragen.  
Het leven is: de kruisbanier  
tot in Gods handen dragen.”

Nou is 'lit een van die minder aangename, maar skynbaar onvermydelike kenmerke van so 'n tyd, dat allerlei modewoorde in swang kom wat die ware geskilpunte maklik onsigbaar kan maak, wat mense tye lank by mekaar verby kan laat praat, en wat wolke van wanbegrip opjaag wat jarelange onmin en ellende tot gevolg kan hê.

So 'n modewoord is in ons land vandag die woord libera-  
lis, met sy isme as troue met-

gesel. Ek kan seker met vrymoedigheid beweer dat daar nie 'n enkele woord in ons taal te vinde is wat op die huidige oomblik met kwistiger, onverskilliger hand rondgestrooi word as hierdie gevaarlike modewoord by uitnemendheid nie. Daar gaan immers byna geen dag verby nie, of ons moet weer lees dat Minister X of ds. Y of Volksraadlid Z by die een of ander openbare geleentheid gewaarsku het teen die „wassende gety van liberalisme” in ons politieke en kerklike lewe nie. Wat presies daarmee bedoel word, kry ons egter selde of nooit te hore nie. Immers, dit is die kenmerk van alle modewoorde — of noem dit maar clichés — dat hulle hul maksimale effek bereik wanneer hulle sonder nadere toelichting die wêreld ingeslinger word. Hoe meer vaagheid, hoe meer effek. En as ander modewoorde soos **humanisme, internasionalisme, individualisme** en dies meer dan ook nog vir ekstra geur en smaak toegevoeg kan word, des te beter.

Die misbruik van hierdie en ander woorde, maar veral van die woord **liberalisme**, neem tans sulke afmetings aan in ons openbare lewe — en helaas, ook in ons kerklike lewe — dat dit gebiedend noodsaaklik geword het om onself hiervan rekenskap te gee, en indien enigszins moontlik, halt te probeer roep aan 'n mode wat onberekenbare skade aan ons Kerke kan toebing.

Insoverre daar met die woord **liberalisme** gewaarsku word teen 'n gees van **ligsinigheid**, sal elke leser van hierdie blad ongetwyfeld daarmee akkoord gaan. Ons voel almal saam met die predikant wat honderd jaar gelede gesê het: „Ware er, in het gemeen, geen andere keus als tusschen regzinnig en litzinnig, ik zou liever om mijne orthodoxie voor ouderwetsch doorgaan, dan om mijn liberalisme ingehaald worden door lieden van verdachten ernst.” — 'n Waar en treffende uitspraak!

Maar só word die woord vandag meestal nie gebruik nie. Laat ons begin deur 'n kort katalogus op te stel van die dinge wat in die allerjongste tyd aan ons voorgehou is as „liberalisties”. Dan noem ek sommar voor die vuus weg: die Wêreldraad van Kerke ('n

baie bedenklike geval!), die Verslag van die Cottesloe-beeraad, die sienswyses van sommige van ons teologiese professore, die bundel „Vertraagde Aksie”, die Metodiste-Kerk in Suid-Afrika, en les bes, om die lys nie te lank te maak nie, die blad „Pro Veritate”.

Die leser kan maar uit eie ondervinding en lektuur die lys verder aanvul. Dit behoort nie moeilik te wees nie. Daar is natuurlik ook die grensgevalle, waaroor die meninge voorlopig nog uiteenloop: ek bedoel dinge soos die C.S.V. en die A.C.V.V. Waarskynlik sal ook hulle eerlank kan kwalifiseer om op die swart lys geplaas te word, sekerlik die eersgenoemde, wat volgens sommige hierdie ontsaglik gevaarlike eienskap vertoon, dat dit internasionaal is, d.w.s. nie bodem-eie en volksgebonde nie. Maar soos gesê, daaroor bestaan voorlopig nog verskil van mening, dus laat ons dit as nog buite rekening.

Bekyk bostaande lys met aandag, en vra dan uself: Wat het al daardie persone, blaie en instansies met mekaar in gemeen? Wat is dit dan wat hulle almal „liberalisties” maak? Ons mag tot verskillende gevolgtrekkings geraak, maar vir skrywer hiervan is daar net een gemene deler wat hulle almal deel, en dit is die feit dat hulle almal in die een of ander opsig radikaal afwyk van die kleurdanke van ons nasie en van die kleurpolitiek van die huidige regering van Suid-Afrika. Met ander woorde, hulle is nie Nasionaal in die huidige misbruikte betekenis van die woord nie, altans nie nasionaal genoeg nie. As dit so is — en ek kan my amper nie voorstel dat iemand in opregtheid kan beweer dat dit nie so is nie — dan bring dit ons by die wortel van die saak, en dan begin die verskynsel wat ons wil ondersoek, 'n baie vreemde aanskyning te vertoon.

Dan beteken dit dat 'n baie groot deel (ek wil nie sê alles nie) van die kritiek wat op bogenoemde liggame, blaie en persone uitgebring is en nog steeds in onafgebroke stroom uitgebring word, nie, soos 'n mens sou verwag, Bybels-konfessioneel-teologies bepaal is nie, maar eenvoudig politiek-bepaal is; dat dit voortkom uit a nasionalisme wat so sterk

so alles-oorheerend geword het, en so noodlottig verstrengel geraak het met kerk en godsdiens, dat dit langsaam-hand alle terreine van die lewe beïnvloed, alle denke bepaal, elke houding dikteer.

— WORD VERVOLG —

## DIE KERK IN DIE WÊRELD

RICHARD NIEBUHR'S  
DEATH . . .

a loss to the theological world.

**HELMUT RICHARD NIEBUHR**, for over 30 years a member of the Yale Divinity School faculty, died at the age of 67 years. But in the hearts and minds of many scholars and students, he lives through his writings. His books will long be a stimulus for the Christian cause, and his writings such as „The social sources of denominationalism”, „The Kingdom of God in America”; „The meaning of Revelation”; „Christ and Culture”; „The purpose of the Church and its Ministry” will be read by many in future. His last book was: „Radical Monotheism and Western Culture”, and at the death of H. Richard Niebuhr, we remember him as one of the three giants of American theology in our time. Pro Veritate pays tribute to the memory of a humble servant of the Lord, whose quest was „for the truth.”

GRATIS TOESENDING VAN  
DIE BLAD

Die redaksie wil graag aankondig:

- (1) Dat die oplaag van ons blad sedert sy verskyning verdubbel het;
- (2) Dat die reaksie op ons versoek om vaste intekening baie gunstig was;
- (3) Dat 'n ruim aantal kleiner skenkings ons in staat stel om die blad vir 'n verdere beperkte tydperk gratis uit te pos aan 'n aantal belangstellende lesers. Persone wat die blad gereeld wil ontvang moet egter so gou soos moontlik hulle intekening aan ons besorg.

# VERHOUDING VAN JESUS CHRISTUS AS SEUN TOT GOD

(Vervolg van bladsy 2)

Seun van mekaar onderskeie is, en dat die onderskeid veral gesien moet word in die middelaarskap wat spesifiek eie is aan die Seun, is daar egter geen geskeidenheid nie, maar éénheid. Die naam „Vader” gee uitdrukking daaraan dat dit wat in Jesus ons toestraal, sy grond het in die hemele, in die dieptes van die ewigheid.<sup>1)</sup> Die rykdom van hierdie eenheid lê daarin dat dit die verskeidenheid in God nie uitsluit nie, maar insluit. Die wese van God is nie 'n abstrakte begrip nie, maar 'n volheid, 'n oneindige rykdom van lewe. H. Bavinck, sprekende oor die besondere eienskap van die tweede Persoon in die Drie-eenheid in onderskeiding van die eerste Persoon, n.l. die filatio, praat van die „productie in het Goddelijk wezen.”<sup>2)</sup> Noordmans praat van die oorsvloed, die meervoud in God, en waarsku daarteen dat ons nie moet probeer om hierdie

meervoud tot 'n starre eenheid te herlei nie; want dan bely ons juis nie meer die enige, waaragtige God nie. Die „spreiding van Gods Drievoudigheid” gee aan die Christelike geloof 'n breedte en 'n allesomvattende onderskeidenheid; en die kerk mag dit nooit inruil vir een of ander krampagtigheid nie.<sup>3)</sup>

## VERHOUDING SEUN TOT VADER GEEN STRUIKELBLOK

8. Gesien in sy onlosmaaklike samehang met die leer van die Drie-eenheid, is die „probleem” van die verhouding van die Seun tot die Vader, met al die vroe wat daaruit voortvloei t.o.v. subordinasie of ondergeskiktheid, geen probleem meer nie, maar 'n evangelie. Dit is miskien selfs nodig en korrek om te sê dat daar in die teologiese spraakgebruik 'n fyn en tog radikale onderskeid

gemaak moet word tussen „subordinasie” as 'n geregverdigde aanduiding van die verhouding van die Seun tot die Vader, en „subordinasie”, wat as 'n kettery hartgrondig verwerp moet word.

Aan die belydenis van die Godheid van Jesus Christus hang ons hele saligheid; maar ons saligheid hang eweseer daaraan dat Hy dit in sy Heilandsgesindheid geen roof gegag het om aan God gelyk te wees nie, maar Homself ontledig het. Dit is vir ons van die grootste belang om te weet dat hierdie Heilandsgesindheid sy grond en sy oorsaak het in die ewigheid van die drie-enige God, en dat dit geen historiese toevalligheid is nie. So alleen kan ons met die kerk bely dat die „enige en éénvoudige geestelike wese wat ons God noem . . . 'n alleroorvloedigste fontein is van alles wat goed is” (N.G., Artikel 1).

Die onderskeid tussen die Vader en die Seun in die Drie-eenheid, mag vir ons nooit word tot 'n lastige vraagstuk nie. In die trinitariese beeld van God mag ons geen „Medusa-hoof” sien wat ons laat verstar van skrik vanweë die afgrondelike nie. (Noordmans.

Die wesenseenheid van die Seun met die Vader, word in die Evangelie op 'n unieke wyse verkondig. Die twee-natureleer en die leer van die twee state van Christus, maak dit gans verskillend van alle starre eenheidsopvattinge wat daaromtrent gehuldig kan word en skakel elke emanasië-gedagte uit. God, wat bo sy skepsels staan, kan in die ellende ook benede hulle gaan staan. Daarin is die Vader en die Seun nie verbonde deur die rede, deur die gelyk-teken (=) nie, maar deur die liefde, die anders-wees. En die leer van die twee nature bewaar die ewig-geliese sin van hierdie „bo” en „benede”. Jesus kan alleen die Heiland wees omdat Hy God en mens is. Hy is geen halfgod nie en ook geen halfmens nie. „Omdat Hij God is kan Hij helpen, omdat Hij mens is

kan Hij lijden. Hij is een Heiland, die ook anders kan zijn dan Hij is. God die hoog is, kan ook laag zijn.”<sup>4)</sup>

- 1) H. Bavinck, Gereformeerde Dogmatiek (2de druk) Kampen 1908, Deel II, 283.
- 2) O. Noordmans, Herschepping, (2de druk), Amsterdam, 1956, 33
- 3) H. Bavinck, a.w., Deel III, 333.
- 4) A. A. van Ruler, De Vervulling van de Wet, Nijkerk 1947, 25.
- 5) H. Bavinck, a.w., Deel II, 275, en Deel III, 294.
- 6) Vgl. G. C. Berkouwer, Dogmatiese Studiën, De Persoon van Christus, Kampen 1952, 77v.
- 7) H. Bavinck, a.w., Deel III, 294.
- 8) H. Berkhof, De mens onderweg. Serie Kerk en wereld, Den Haag, 1960, 93.
- 9) K. Barth, Die Kirchliche Dogmatik, II/1, Zollikon-Zürich 1946 400 - 402.
- 10) O. Noordmans, Het Koninkrijk der hemelen, Nijkerk 1949, 103.
- 11) Noordmans, a.w., 106 - 107.
- 12) Vgl. K. H. Miskotte, Bijbelsch A.B.C., Nijkerk s.j., (1941,) 48.
- 13) H. Bavinck, a.w., Deel II, 317.
- 14) Noordmans, Het Koninkrijk der hemelen, 28 - 36.
- 15) Noordmans, Herschepping, 120.

# RADIO ELWA IN AFRICA: IT'S MESSAGE AND MINISTRY

Because Elwa is a Radio Ministry of the Gospel I cannot do better than remind you that all I want to say about ELWA is within the compass of a few words written by Paul in Second Corinthians chapter 5, and I wonder if I may take a moment just to turn your hearts to them — Second Corinthians 5 from verse 18 "All things are of God who has reconciled us to himself by Jesus Christ and has given to us the ministry of reconciliation; to what that God was in Christ reconciling the world unto Himself, not imputing their trespasses unto them; and had committed unto us the word of reconciliation. Now then we are ambassadors for Christ; as though God did beseech you by us: we pray you in Christ's stead, be reconciled to God."

There are four aspects of Radio ELWA's work that merit passing reference at least in this limited time. There is ELWA's message, its miracle, its method and its Ministry.

## 1. ELWA'S MESSAGE

There are today 34 Gospel Radio stations around the globe and where they are Evangelical stations, we of S.I.M. and Radio ELWA had this always in common with them that the message is one of reconciliation and redemption.

Some of you saw in a 'Mighty Voice' last night how we are able to improve and increase our listenership by topical programmes, by interviewing men who had become prominent in their own walk of life in Liberia and other parts of Africa. But that is the means to an end in our message all the way through.

Fundamentally, primarily is the word reconciliation in the Lord Jesus Christ that we are made nigh by the blood of Christ, that we had peace thru the blood of His Cross and the men of Radio ELWA are those to whom has come the message that Radio ELWA seeks to make known in many languages day and night.

## 2. ELWA'S MIRACLE

Paul wrote in Second Corinthians 5 : 18: "All things are of God". If ever that were true outside the pages of God's Word, it certainly applies wholly to the miracle of ELWA.

ELWA began in a prayer meeting in '49 in the office of Dr Raymond Edmund, principal of Wheaton College, USA.

Radio ELWA began in the hearts of about half a dozen students — students who could barely pay their way through school. To them was given the vision of a great Gospel Radio station.

On the one hand were these students, young fellows and girls, on the other hand was the Sudan Interior Mission. At that time we were spending about R400 per month on limited broadcast over Radio Addis Abeba, and that proved to be not without difficulty as a time came that those broadcasts ceased. But we had learned something of the value of Gospel Radio and we were praying as a Mission for a real Radio outreach of our own. In fact, tentative inquiries were made of the Government of Liberia and while the desire was put in our hearts by the Spirit of God, so the desire, in fact the desperation, was put in the hearts of these young people by the same overruling Holy Spirit. We had an awareness of Radio's possibility and so had these students, and they claimed for themselves the promise of God's Word in Nehemiah Chapter 2 in verse 20 — "The God of Heaven, He will prosper us. Therefore we, His servants, will arise and build". They had no backing, they had

entering the house to see his official. And as he caught sight of this official in an inner room he went in. Then he realised that he led himself in for something because he realised that this official was still in his pyjamas. Well he could not back out. The official had his back to Bill Watkins and Bill realised that greatly troubled and puzzled, this official was studying a survey paper. It was near enough for Watkins to see, he looked, he looked, something clicked in his mind and he blurted out: "Those angles don't add up to 360 degrees." The official looked up at him puzzled. Bill Watkins explained exactly what he had in mind and sorted out the problem.

The official said: "What can I do for you?"

And then for one hour and a half Watkins was able without any hurry, without any sense of pressure to unburden his heart.

If he had seen that official in his office, he would have had barely five minutes but in an hour and a half he did the code letters ELWA were allocated. Full permission was granted for the erection of a Missionary broadcasting station. No strings were attached. Government approval was given for the importation duty free, of all the radio equipment and all the personal equipment that would be needed to set up a Gospel transmitter. Later Watkins paid another visit to Liberia and a deed was signed giving us 100 acres for the development of what is Radio ELWA. It was a miracle all the way through.

But God had been working in the hearts of some of our S.I.M. leaders and the students and S.I.M. came together in partnership, and in 1952 Radio ELWA became an actual S.I.M. project — a project that was a miracle and the first broadcast was made on the 18th of January, 1954 on a 1,000 watt transmitter that covered Monrovia, the capital city and its environments. President Tubman showed his interest in the work and said on one occasion not long after we had started broadcasting, that our transmissions were convincing, convicting and converting. And from that President, in Gods' overruling, we had received nothing but encouragement and official support and ELWA has become a miracle of God's provision, a miracle of answered prayer.

## 3. ELWA'S METHOD

Paul wrote that we are ambassadors. An ambassador will use every lawful dignified means to represent the cause of his King. We began in our ambassadorial ministry there with a 1,000 watt transmitter. We built that up. We built up interest by bringing to the microphone the leaders from different spheres of activity in that little country. We needed to develop status and prestige. We needed to win the confidence of the people. Then we installed a 10,000 watt transmitter and three more 1,000 watt transmitters. The number of listeners rocketed. Then we planned a 20,000 watt transmitter. We had begun to realise the possibilities, the potential of this Missionary Ra-

dio, and we proceeded with plans almost to the last moment for a 20,000 watt transmitter. But this omniscient Lord knew the potential better than we did and in the final moments, so graciously, He made possible a 50,000 watt transmitter, which we installed. And with that 50,000 watt transmitter we got onto equal terms with Radio Cairo. In January 1960, when Billy Graham visited ELWA we gave him the privilege of dedicating that brand new transmitter and we girdled the globe from then on. From over a hundred countries have come letters from listeners, and now we have another 10,000 watt transmitter being built in the USA. We hope to have that shipped quite soon.

But that is the beginning of just another era of ELWA expansion. For we had been given a new prayer target. We have surveyed Africa. We have come to the realisation that there are far more French speaking Africans in our Continent than we realised. So now we are praying for the provision of a second 50,000 watt transmitter which, when the Lord provides, it will be used almost exclusively for French broadcasts.

We're going to cover far more intensively and extensively than we are now able, millions of French speaking Africans, when this 50,000 watt transmitter is an actuality. We had transmitted in a total of over 90 languages and currently we're using 40 African languages as well as other tongues, European and elsewhere.

Just now we have a remarkable response from the large Arabic speaking population that we didn't know existed in Brazil. We're using national events which means that we had to keep abreast of developments in many parts of the world. We're using every legitimate means with which to hang the Gospel coat alongside the microphone. We establish listenership, radio contact, very often through our news casts. We have found the listenership peak rising particularly when there is an unsettled period upon us. We have found that peak rising at the time of our news broadcasts and what divine wisdom is needed for our staff set aside for that particular task as they collate, edit and prepare for broadcasting the news items that come to hand 24 hours a day.

In the selection of items and in the presentation of those items, there is cause not for natural wisdom and skill but for the guidance of the Spirit of God. For we are reaching by various methods city sophisticates and, if you pardon the term, Bundu primitives. With the aid of transistor sets which we have installed in certain strategic areas across Africa, we know that to-day even as you and I are here in this hall, there are remote tribal groups listening to the voice of ELWA. We have installed pre-tuned sets in some cases so that where there may be no convert in any village, we know that they can listen only to ELWA.

Where there are groups of converts established and no Missionaries to get to them, we like, where possible, to give them a set. We are not so careful then about whether it is pre-tuned, but by this means we seek to keep them constantly in touch with our transmissions from Liberia. The

cost at the moment of the equipment that we have installed at ELWA is over K360,000, a gift-edged investment of the Lord Jesus Christ.

## 4. ELWA'S MINISTRY

To pass from the method to ELWA's ministry, Paul, we remind you again, said: "God has given to us the ministry of reconciliation. Be ye reconciled to God". And of what value is it if we have our growing listenership, our contacts, our prestige, in many lands of Africa and across the seas, if there is not this clear-cut ministry that shall mean men reconciled to God.

You see, we had to remind ourselves all the time that this is not another question of the ether, not a question of the latest technical developments only — this is a Spiritual Ministry. So power at ELWA is depended not on the 250,000 watt generator that we installed more recently to dwarf into ridiculous size the one that we had before, not dependent on the latest equipment, but on a living experience of the Grace of God, day by day.

I stress that because friends in the homeland wonder sometimes how they can share in ELWA's Ministry, apart from money. It is only as men and women in touch with the Lord, pray down blessing on our announcers, our producers and our whole team there, — 50 missionaries and 75 national workers — that there will be manifest the very power of God through every transmission. There is our record library and what blessing we find is conveyed through the discs of dedicated disciples. And hand in hand with that goes our growing library of tape recordings so that the messengers of Grace from the civilised world can have their share over the tall towers of ELWA within sound and sight of the sea on the Liberian coast.

All the time we try to bring to others in life broadcast or recorded ones, the cream of the evangelical world to the hearts of men and women across the globe. Our ELWA reporters go out sometimes long distances to cover local events within reasonable distance of our station.

Here is another legitimate opportunity for Gospel Ministry. Visits by heads of Government to Liberia, visits to other African States and all these occasions call for the greatest exercise of skill and tact and knowledge on the natural line, and wisdom on the spiritual line, if that Ministry is to be the most effective.

Because through these news casts, through these seemingly secular events for which we're giving radio coverage, we are trying quite simply to bring to our listenership, to bring to our radio public, the truth that ELWA sees the life of the world in the light of the Word. And for that there is tremendous need.

And so our broadcasts are going out in the 13, 19, 25, 30, 31, 60 and 90 meter bands and we're doing that for a total hour of 372 transmitter hours per week. It costs us some 25 cents per transmitter-minute to broadcast and so just now our transmitting costs have risen to say R5,500 per week and we know very little other work that we deem so well worth while for Christ's sake. These 75 national workers have been trained as fast as circumstances will permit to enter



# Die rol van die kerk in die herstelling van gemeenskap

Ds. Phil Loots

Ons het aan die begin gesê en probeer aantoon dat die gemeenskapsbande tussen God en mens al heelwat verslap het en dié tussen mens en mens al op baie plekke verbreek is. Verder het ons probeer wys op wat die individu kan doen om die verbroke gemeenskap weer te heel. Die kerk het ook 'n groot rol te speel in die herstelling van gemeenskap. Die kerk mag nooit neutraal staan of agteroor sit in salige selftevreedenheid nie; want dit is juis die kerk wat geroep is om die gesindheid van die Koning te toon. Die kerk van Christus moet illustreer wat Hy geleer en gelewe het.

Dit is voorreg en plig van die kerk om hierdie feit van gemeenskap aan te kondig: „Wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus”. (I Joh. 1:3). Meer nog, die Kerk moet hierdie boodskap lewe.

Dit het Hom behaag om in die volheid van die tyd sy Seun uit te stuur sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. (Gal. 4:4). Hy het net Een fondament gelê en niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie. (I Kor. 3:11.) Laat ons besef en erken dat niks in die plan van God is wat ons kan of ook wil verander nie. Ons kan dus nie foutvind met enigiets waaraan die Alwyse sy goedkeuring heg nie. Sou ons wou hê dat onse Vader andere minder lief moet hê sodat ons sy gunsteling kan wees? Nee! Nou dan moet sy Kerk die gemeenskap tussen God en alle mense en

tussen mense onderling aanmoedig en bevorder deur geleenthede daarvoor te skep.

As die kerk in noue gemeenskap met die Vader lewe dan bring die dinge wat Hom verheug ook vreugde vir sy Kerk. „Hy wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid moet kom.” (I Tim. 2:4.) Dit is sy wens; want so sal daar meer wees om in die voorregte van gemeenskap te deel.

Sy gebed is, „dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.” (Joh. 17:21.) Die Kerk het dus 'n magtige boodskap in tye van onenigheid en verdeeldheid. Die Kerk van Christus het hier 'n waarheid wat geen ander godsdiens besit nie. Wat 'n propagandakreet vir sy Koninkryk kan dit nie wees nie! Een met die Koning en in Hom een met mekaar. As die Kerk hierdie heu-

ning gevind het, mag hy dit nie alleen eet nie.

## PROFETIESE GETUIENIS AS EIS

Dit word van 'n getuie verwag om te vertel; presies te vertel wat hy gesien en gehoor het. Dit is nie altyd 'n populêre ding om die hele waarheid te vertel nie. Dit kan selfs gevaarlik wees — dit kan 'n mens jou werk laat verloor en dikwels in stryd bring met gang-

— — — ★ ★ ★ — — —  
 HIERDIE IS DIE DERDE EN  
 LAASTE ARTIKEL OOR CHRISTE-  
 LIKE GEMEENSAP, UIT DIE  
 PEN VAN DS. LOOTS.  
 DIE REDAKSIE VAN DIE BLAD  
 WIL GRAAG DIE MENINGS VAN  
 CHRISTENE UIT DIE VERSKIL-  
 LENDE KERKFORMASIES VER-  
 NEEM OOR DIE STAPPE WAT  
 CHRISTENE KAN NEEM OM SO-  
 DANIGE GEMEENSAP TE  
 HELP BEVORDER.

bare beskouings en rigtings. Dit is juis waartoe die Kerk geroep word: om moedig te getuig en om sy profetiese stem op alle terreine te laat hoor. Is die Kerk gewillig om die prys te betaal wat die verkondiging van die onvervalste Evangelie verg? Is ons as Kerk gewillig om martelaars te wees?

„Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan.” (II Kor. 5:20.) Dit gee aan die Kerk 'n outoriteit en ons hoef dus tog nie so verskonend op te tree nie. Ons kan mos sê: „So sê die Here”; maar dan moet die Kerk daarteen waak dat hy nie die Here woorde in die mond lê wat Hy nooit gesê het nie. Die Kerk moet in nederigheid nie hierdie gegewe outoriteit misbruik vir eie eere nie.

## KERK AS DIENAAR

Netsoos die individu moet die Kerk ook dienskneg wees. Die Kerk moet dienaar in elke gemeenskap wees; want in die lewering van diens bevorder hy gemeenskap met God. Christus sê self: „As iemand My dien, laat hy My volg; en waar Ek is daar sal my dienaar ook wees; en as iemand My dien, sal my Vader hom eer.” (Joh. 12:26.) Die Kerk moet 'n dienskneg onder mense wees; m.a.w. sy lidmate moet georganiseer word om te dien. As mense saam liefdesdiens verrig, kom hulle nader aan mekaar. Ledigheid is die duiwel se oorkussing en as die Kerk daarop ingestel is om te dien, sal hy nie tyd hê vir twis en tweedrag nie.

Culmann formuleer hierdie gedagte: „When insoluble dogmatic and cultic differences split whole sections of the early church in two camps, the apostles, while recognising these differences in a frank and sincere manner, created nevertheless a bond of love, namely the collection for the poor of the Jerusalem church.” Wat 'n pragtige gedagte vir ons tyd waarin die Kerk so geweldig in homself verdeeld is. As die verskillende kerkgenootskappe 'n gesamentlike projek kon vind, sal hulle soveel nader aan mekaar kon staan in plaas daarvan om te hamer op die verskille tussen hulle.

Een van ons geliefde professore het altyd gesê: Die misbruik van 'n ding sluit nie altyd die gebruik daarvan uit nie. Ons dink hier aan interkerklike verenigings en vergaderings. Daar kry die hele Kerk 'n geleentheid om die nouer gemeenskap tussen kerke en lede van kerke te bevorder onder die een Leidsman, Jesus Christus. In plaas daarvan dat hierdie geleenthede aangegryp word, probeer sommige van ons gedurig om verdenking te saai. Ten spyte daarvan dat daar enkeles mag wees wat hierdie geleenthede wil misbruik vir eie gewin sien ons nog hierin 'n middel vir samesnoering van kragte teen die gemeenskaplike vyand, Satan. Ons verval so maklik in die Roomse dwaling dat een spesifieke kerk die enigste is wat dié waarheid besit. So herstel ons nie gemeenskap nie, maar verbreek dit opsetlik en vereensaam die besondere kerk. Ja, so 'n kerk kan maklik op die wyse 'n valse martelaarskap skep wat met verloop van tyd nie meer martelaarskap ter wille van Christus is nie.

Die Kerk het 'n verantwoordelike rol te speel in die herstelling van gemeenskap. Hierin moet die Kerk opnuut met groot erns die groot gebod van Matth. 22 homself op die hart bind: „Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.” En nie minder belangrik nie, maar gelykstaande hieraan: „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

## Die Kerk in die Wêreld

DEUR: PRO ECCLESIA.

### SPACE MAN A CHURCHMAN

JOHN GLENN regards his church not as a place to prove himself holier than others, but as a necessary force for good in the world. I have never known him, when he has been at home, to miss Sunday services. Usually he attends the early service and, in winter, often arrives early enough to help shovel snow off the paths.

John doesn't put his religion aside when he leaves the church. But again, he does not advertise his devotion. I had to learn from his children that each night, just before bedtime, the Glenn family read the Bible together. They gather round — John, his wife Annie, and their teenage children, David and Lyn — and each reads a verse in turn.

The Rev. F. Erwin.  
 From "The Readers Digest",  
 September 1962.

### ROBERT S. BILHEIMER AND W.C.C. DELEGATION VISITS RUSSIAN CHURCH

THROUGHOUT June the attention of the World Council of Churches staff was concentrated largely on Russia and its churches. On June 1 a six-man delegation from the council's upper crust, but minus Gen. Sec. W. A. Visser 't Hooft, flew off to Moscow for a 12-day visit to the U.S.S.R. as guests of the Moscow patriarchate of the Russian Orthodox Church. Thereafter they were subjected to so hectic a round of engagements and to such open-handed hospitality that they did not find even a moment to send the traditional picture postcard back to their colleagues.

This was the first W.C.C. delegation to visit the Church of Russia since it joined the council at the Third Assembly in New Delhi last November. The visitors were Robert S. Bilheimer, director of the Division of Studies; Leslie E. Cooke, director of the Division of Inter-Church Aid, Refugee, and World Service; Hans H. Wolf, director of the Bossey Ecumenical Institute; Roderick French, executive secretary of the youth department; Philippe Maury, director of the department of information; and Rudolph Kunett, Russian-speaking consultant to Dr Cooke.

The delegation hurtled from Moscow to Zagorsk to Talinn to Leningrad, and two of its members visited Dbilissi in Georgia. What most impressed everyone was the size of the congregations in the churches where they attended services and the generosity of their hosts. The purpose of the visit was to spell out for the Russian church leaders just what constitutes World Council thinking, policy and procedures and to help top staff members grasp the facts of life concerning the church's role in Russia. Discussions that took place were protracted, frank and peclusion was that the visit brought considerable enlightenment to both sides.

(From "The Christian Century" July 25, 1962.)

# Radio Elwa in Airica

Vervolg van bladsy 8

more fully into our whole radio Ministry. You know that Africans are becoming far more conscious than they were of their own part in the scheme of things and so perhaps it should not have been surprising that we had some comments coming in that, there were lots of foreign voices being heard, lots of European voices. What about some more African voices? We have responded to that signal and because of that we believe that our listenership is growing as Africans across the Continent know that this is their station, speaking to Africans for the Saviour of the Africans.

Are new people being reached and won? Is the Ministry effective? Last year the number of letters that we received at ELWA, in Liberia, totalled 54,289 and not everybody writes letters!

When you bear in mind that some of these are semi-literate and that many of our listeners are quite illiterate, 54,000 letters, will indicate a tremendous number of listeners measured in millions.

## THE COUNSELLING DEPARTMENT

One of the secrets of our work at ELWA, perhaps the work that is as important as anything else, is our counselling Department — measuring the Ministry, measuring any type of Christian work that gives you the privilege of personal counselling. How utterly important and precious is the opportunity to deal with the hearts of men as they unburden themselves to you under conviction. And in our coun-

selling Department at ELWA those letters that come in are not just statistics but letters guided to us by the Spirit of God. Those letters are read, they are studied, they are prayed over. Some of those difficult ones have to be put aside and then laid before the Lord again, and a personal reply and literature, suitable literature according to the need of the writer will go out to each one who has penned a line to ELWA. That takes the time and strength of not a few missionaries but our work will fail in its purpose if there were not the utmost emphasis given to the work of our Counselling Department.

And the Lord lifts the curtain for us to see that this ministry is not in vain in the Lord.

Just a few months ago for instance, came a letter from a Roman Catholic priest in Guinea. He has left the Roman priesthood, he is seeking fullness of life in Christ. Some time ago, came a letter from a man who was in hospital after being persecuted and beaten by the Communists and there in that hospital he was able to listen to ELWA and he wrote to us that that was only possible fellowship that he could get. What a means of encouragement to hard-pressed isolated Christians! What a means of reaching those where no missionaries can go! All along we have known that in the so called holy cities of Arabia we have had those listening and longing for salvation. And now have come renewed reports of growing groups in Mecca and Medina and there where our missio-

naries cannot go the voice of ELWA penetrates. The radio's slim fingers reach down behind the mud walled cities that are holy to the Islamic world and the Gospel gets in.

## PERSONAL TESTIMONIES

An engineering student in Japan listened in to ELWA, he listened because it was a foreign station. He wrote to ELWA to know if he could be used there in an engineering capacity. The reply he got was't quite what he expected but it held his interest and he listened in again to ELWA and the result was that that young fellow, that young Japanese under conviction of the Spirit of God, sought out a missionary who lived near to him in Japan who brought him to Christ because from 11,000 miles away ELWA's voice had spoken of the Lord Jesus.

An African said this to one of our missionaries recently, he said, "God sent you to Africa and you built a bridge of love from your heart to mine and God walked over it." He is reconciled to God. That ministry is effective for Christ's pilot, a white man, asked whether he listened to ELWA said, "O yes. We tune in regularly to ELWA for one thing — we need to tune in to ELWA as we come in on our course because we find that ELWA to us is a holy beacon."

We thank God that Radio ELWA in its message, in its miracle, in its method, in its ministry, is a homing beacon to countless souls that have been lost and now, by the way of the Cross, are finding the way Home to the Saviours' feet.

# Sienswyse van Lesers

## Is dit Christendom of is dit Ideologie?

PROF. A. GEYSER

Met belangstelling het ek die artikel, *Apartheid by die Opvoeding*, van die hand van mnr. J. Heyl in die vorige uitgawe van *Pro Veritate* gelees, nie omdat die artikel nuwe gesigspunte aanbied nie, maar juis omdat dit al die bekende trekke van die ideologie openbaar. En ideologie, in watter vorm dit ook aangedien word, raak die Christendom. Ervaring het naamlik geleer dat die Christelike Kerk van die ideologie alleen skade kan verwag, want elke ideologie loop noodwendig uit op vervalsing van die Christendom of op loëning daarvan.

Voor ek begin aan 'n bespreking van mnr. Heyl se artikel, wil ek eers 'n paar grootse gemene delers van ideologie, elke ideologie, stel: Elke ideologie, om mee te begin, het as uitgangspunt en laaste bewysgrond 'n wrok of 'n haat, of, wat op dieselfde neerkom, 'n selfverdediging en 'n selfverheerliking. Die ideologie is daarom altyd onkrities in sy bewysvoering. Die Nasionaal-sosialisme het uitgegaan van die aksioma van die besondere roeping, waardebewussyn, saamhorigheidsbewussyn en taak van die germaanse ras.

Wetenskap en geskiedenis het die onwaarheid van hierdie aanname en die valsheid van sy bewysvoering smartlik ontdek. Die Kommunisme as ideologie gaan uit van waardebewussyn, klassebewussyn, roeping en tak van die wêreldproletariaat. Sedert die Eerste Wêreldoorlog smag groot dele van die wêreld onder die ysterhiel agter die ystergordyn weens die valse aksioma's van hierdie ideologie. 'n Ideologie is daaraan kenbaar dat dit nie begin met 'n kritiese waarheidsvraag nie maar met 'n sentimenteel gekondisioneerde, „ons neem aan dat . . .”.

Merkwaardig, maar altyd waar, elke ideologie kom gereeld in aanraking met die Christendom, of om dit te verval of om dit te verwerp. Kommunisme bestry dit vierkantig en noem dit 'n opium vir die volk. *Das Deutsche Christentum*, die godsdienstige flank van die Nasionaal-sosialisme, was subtieler, het die Kerk geleidelik en ongesien van binne oorgeneem en haar leer en gewete sodanig vermolm dat hierdie „Christendom” die regeringsverbod op die gesamentlike aanbidding van „Joodse ras” en die rasegte Germane sonder teenpraak aanvaar het, en die moord op miljoene Jode en Siguners sonder protes aanskou het. Op die rapporte oor die leed wat mense aangedoen word, het die leidliede van hierdie „Christendom” met ideologiese gelatenheid en aksiomatiese gelatenheid, „valse humanisme” en „snikstories” geantwoord.

Elke ideologie stel die groepsbelang, die handhawing van die self en die eie bo alle sedelike aanspraak. Die eie staat is einddoel en laaste sin van die bestaan van die individu. Laasgenoemde het slegs betekenis

in die groepsverband en slegs waarde in sy diensbaarheid aan die groep, en slegs nut in die belang van die staat en sy ideologie.

Die ideologie lewe uit eiegeregtigheid, selfregverdiging, selfverheffing, selfverheerliking, selfwaardering en selfverbetering. Sy gang is 'n eksklusiewe inteelproses.

Dis omrede van hierdie eenskappe dat die ideologie onontkombaar met die Christendom van die Bybel in botsing moet kom. Eerstens, die Christendom ken nie 'n aksiomatiese „ons neem aan . . .” nie. Die Christendom glo, en wel in God. Sy uitgangspunt is nie 'n wrok of 'n haat of enige sentiment nie, maar die stiptelike gehoorsaamheid aan die liefdesgebod van God. Omdat dit godsdien is, diens van die één God en Here van die heelal, is Christendom universeel en inklusief. Dit kan ooit 'n eksklusiewe nasionale-, sosiale-, kulturele of ekonomiese teorie as uitgangspunt en einddoel aanneem nie, slegs die geopenbaarde waarheid van God. Christendom, terwyl dit beley dat die lede daarvan deur God self uitgekies is om vir Hom 'n volk te wees, kan daarom nie aanneem dat God 'n rasse-, nasionale, of klasse-apartheid tussen die gelowiges gewil het nie.

Mnr. Heyl stel, „Ons neem aan dat die indeling van die mensdom in rasse, stande en volke goed en ooreenkomstig God's wil is” en weer „ons neem aan dat God elke ras, stam en volk 'n aparte taak gegee het en die kragte om dit te volvoer”, en verder, „ons neem aan elke mens word gestuur tot die diens van sy eie volk en ras in die eerste plek.” *Das Deutsche Christentum* van die Nazi-jare kan hierdie beskouing woord vir woord onderskryf, maar die Christendom van die Bybel word deur die Bybel anders geleer. Mnr. Heyl haal vir sy sienswyse Skrifbewys aan. Matth. 10:5 lui ten aansien van die uitsending van die Twaalf, „Moenie gaan op die pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie, maar gaan liewers na die verlore skape van die huis van Israel”. Die skrywer meen dis 'n bevel tot diens van die eie.

Oor hierdie uitspraak van die Skrif is egter 'n paar dinge duidelik. Eerstens, dit het betrekking op die voorbereiding van een besondere reis van Jesus en was dus geen algemene en vir altyd geldende gebod nie. Indien mnr. Heyl se uitleg korrek is en dit 'n vir altyd geldende gebod was, sou hy en ek, Christene uit die heidendom, nooit die evangelie geken het nie. Gelukkig is die teendeel waar. Na sy opstanding het dieselfde Jesus volgens dieselfde Evangelie, sy dissipels, wat Jode was, uitgestuur om op sy gesag dissipels te maak van mense uit alle nasies.

Hy het hulle nie in die eerste plek na hul eie nasie gestuur nie.

Luk. 10:1 en verder vertel in 'n parallelle geskiedenis van die uitsending van die Sewentig. Jesus stuur hierdie keer sewentig gesante omdat, volgens Gen. 10, die mensdom bestaan uit sewentig nasies. Die sending van die Sewentig versinnebeeld dus die sending van die Kerk tot die ganse mensdom, en nie tot die eie nasie, ras, groep of klas in die eerste plek nie.

Die Pinkstergeskiedenis bevestig Gods wil dat mense gestuur word, nie in die eerste plek na hul eie nasie en ras nie, maar juis na lede van ander rase en nasies. Trouens, reeds volgens die Ou Testament is die profeet Jona gestuur na die Nineviëte.

Die vroegste Christene was Jode. Vanaf Hand. 11 blyk duidelik dat hulle hul roeping en sending verstaan het as 'n sending nie tot die Jode in die eerste plek nie, maar tot alle mense gelykelyk.

Paulus is 'n Jood. Volgens Gal. 2:2, 7 ag hy dit sy godgewe taak om die Evangelie te verkondig, juis aan mense van ander „rasse” en nasies, en nie in die eerste plek aan sy eie mense nie. Dis dan volkome verstaanbaar dat hierdie Jood wat deur Christus aangegryp is, in Gal. 3:28 verklaar, „Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Jesus Christus. Van die „in die eerste plek die eie”, ten aansien van nasie en stand bly daar in die Christendom niks oor nie, veral nie nadat Paulus sy voorgenoemde uitspraak in Kol. 3:11 en 12 herhaal nie. Wat bly daar nog oor van die bewussyn van eiewaarde, van die groepsbewussyn, van die vreemdelinge-angs in mnr. Heyl se artikel wanneer Paulus aan die Efesiërs skryf (Ef. 2:14), „Want Hy is ons vrede, Hy wat albei (t.w. Jood en nie-Jood) een gemaak en die middeleer van skeiding afgebreek het . . .”?

Teenoor die ideologiese „ons neem aan . . .”, staan die Woord van God, nie net in hierdie uitsprake van Paulus nie, en ook nie net in Matth. 10 nie, maar ook in die verdere teks wat mnr. Heyl vir sy sienswyse aanhaal, in Matth. 15:24. Daarvolgens het Jesus aan 'n Kananese vrou gesê, „Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.” Die gelowige leser van die Bybel sal opmerk dat dieselfde Jesus tog die kind van hierdie kanaanese vrou genees en haar geloof roem. Hy sal dan ook onthou hoe Jesus, volgens Matth. 8:5 die knek van 'n Romeinse offisier genees met die opmerking, „Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie”. Mense is in die eerste plek gestuur na die eie ras en nasie, sê mnr. Heyl. Lukas 4:25 en verder verklaar egter dat Jesus gesê het, „Maar Ek sê vir julle met waarheid, daar was baie weduwees in Israel in die dae van Elia . . . en nie na een van hulle is Elia gestuur nie, behalwe na Sarfat in Sidon, na 'n weduwee. En daar was baie melaatse in Is-

rael in die tyd van Elisa, die profeet, en nie een van hulle is gereinig nie, behalwe Namaan die Siriër”. Dit het Jesus geantwoord op die eis van sy eie mense van sy eie tyd dat Hy Hom behoort te beskou as gestuur in die eerste plek tot sy eie mense.

Nee, met die koms van Christus het die „in die eerste plek my eie ras en nasie” radikaal verander. Dit kan ook nie anders nie, want Joh. 1:9 kondig Hom aan, „Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.” Die ideologiese denker van „die eie in die eerste plek” moet bedink dat God, volgens Ou en Nuwe Testament, geen aannemer van die persoon is nie; en dan, vir Jesus behoort tot die verlore skape van Israel alle sondaars, van watter ras, nasie of stand hulle ook al is. Hy het saam met tollenaars en sondaars geëet.

Die eerste gedeelte van die artikel onder bespreking, openbaar as rasseteologie al die trekke van die ideologie. Die tweede gedeelte pas die ideologiese „ons neem aan” van die eerste toe op die onderwys. As 'n premisse verkeerd is, is ook die konsekwensie verkeerd. Mnr. Heyl stel aan die onderwys die volgende eise:

Dit moet die individu lei tot die ontdekking van sy eie talente en sy eie funksie in die verband van sy eie nasie.

Dit moet die individu waardebewus maak, d.i. bewus van sy eie waarde; dit moet die gemeenskap 'n saamhorigheidsbewussyn gee, d.i. ten aansien van die eie ras en nasie.

Nasionaalbewuste en starbewuste onderwysers moet in die skole en universiteite van die eie groepe die eie mense in die eie taal vorm vir diens aan die eie nasie en stam.

Dit leer die Bybel nie, nie hierdie bewussyn van eie waarde nie. Die Bybel leer dat die vrese van die Here die beginsel van die wysheid is. So 'n selfontdekte, eie-waardebewuste produk van die onderwys wat mnr. Heyl voorstaan, teken Jesus in die gelykenis van die Fariseër wat sê, „O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie . . .”

Ek gaan maar nie in op die praktiese en logiese onhoudbare van die stelling in die artikel onder bespreking ten aansien van die taak van die onderwys nie. Ek wys nie eers daarop dat die voorgestane stam- en ras-universiteite in direkte stryd staan met die universaliteit wat in die begrip „universiteit” opgesluit lê nie. Ek wil wel erns maak met die feit dat hierdie soort voorstellinge in direkte stryd met die Skrif staan. U sien, Jesus ken nie hierdie kultus van die eie en die ek en die self nie. Hy ken nie selfwaardering nie, want hy het vir andere, sondige minderwaardiges gesterf. Hy leer nie selfhandhawing en lewe vir die eie nie, maar selfverloëning en lewe vir God en almal wat Hy uit al die nasies uitgekies het as sy volk.

Aan die onderwys tot waardering en verering van die self en die eie, antwoord Jesus met die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan. Dis verstaanbaar dat daar tydens sy lewe daarom ook Grieke was wat Hom wou ontmoet, soos mens lees in Joh. 12:20 en verder. Dis verstaanbaar, aan die anderkant, dat die selfwaarderende en eie-bewuste hoëpriester ten aansien van Hom geoordeel het, „dis voordeliger

vir ons dat een man vir die volk sterf en nie die hele nasie omkom nie.” Verstaanbaar ook dat die Jood, Saulus, nadat hy deur Christus aangegryp is, sy predikingsloopbaan in Antiochië in Grieks begin het en dit so voortgesit het oral in Klein-Asië en tot in Europa. Verstaanbaar ook dat hy al sy briewe geskryf het, nie in die moedertaal nie, maar in Grieks. En dis verstaanbaar dat die hele Nuwe Testament van die Jood, Jesus, met die uitsondering van Lukas, deur Jode in Grieks geskrywe is vir die opvoeding en onderwys van nie-Jode.

Nie Jesus nie, en ook nie sy apostels nie is in die eerste plek na die eie ras en nasie gestuur. Die Nuwe Testament is ook nie in die eerste plek ten dienste van die eie ras en nasie geskrywe nie. Sy en sy dissipels se onderwys, na vorm en inhoud, spreek in iedere opsig van die onderwys-prinsipes van mnr. Heyl teen. Twee-duisend jaar van groeiende Christendom het die korrektheid van hul onderwys-prinsipes bewys.

Die Christendom is altyd, wat ras en nasie en die eie en die ek en die self betref, sentrifugaal. Ten aansien van die Christus van God, enkel en alleen, is dit sentripetaal. Die ideologie is altyd sentripetaal. Daarom duur die Christendom en daarom kom en vergaan ideologiese voortdurend.

## Nuwe Lig op die Psalms

'n Korrespondent van die *Londense „Times”* berig vanuit Amman, die hoofstad van Trans-Jordanië, dat die rol met psalms, wat in 1956 by die Doole See opgegrawe is, tans heeltemal afgerol is. Wetenskaplike ondersoekers glo, dat die dokument omtrent 1000 jaar ouer is, as die oudste manuskrip wat oor die psalms bestaan. Hulle meen dat die rol in die tweede kwartaal van die eerste eeu, dus tussen die jare 25 en 50 na Christus geskryf is. Dit sou dan wees in die tyd van die apostels, en miskien ook tydens die omwandeling van die Heiland op aarde.

Die manuskrip is oorgebring na die Palestynse argeologiese museum en bevat 36 kanonieke psalms en agt geestelike liedere.

Professor Sanders van die teologiese skool van Colgate in Rochester verklaar dat dit sommige klein verskille aantoon met die Hebreeuse teks, wat egter van geen groot betekenis is nie, maar wel miskien volgende Bybelvertalings kan beïnvloed.

Oor twee jaar sal die volledige vertaling gepubliseer word.

Die Engelse blad „The Christian” publiseer 'n toespraak van ds. H. L. Ellison wat hy in Londen gehou het en waarin hy verklaar, dat al die onlangs opgegrawe argeologiese ontdekkings op nuut die historisiteit onderskryf. Die moderne wetenskap neem aan, dat die psalms merendeels geskryf is deur Koning Dawid en verder in die tyd van die konings van Juda en Israel. Slegs enkele psalms, soos psalm 137, dater uit die tyd na die Babiloniese ballingskap. So word vermoed, dat psalm 88 van Harman, die Esrahiet en psalm 89 van Etan, die Esrahiet in die tyd na die Babiloniese gevangenskap gedig is.

W.H.